Die DKES probeer sorg dat enige investering veeldoelige voordele inhou. Een van hierdie innovasies is veeldoelige programme. Die meeste openbare biblioteke dien byvoorbeeld as veeldoelige biblioteke om te help met die tekort aan skoolbiblioteke, en hulle bedien terselfdertyd die omliggend gemeenskap. Die meerderheid van bestaande landelike, openbare biblioteke, asook alle nuwe biblioteke wat beplan en gebou word, is naby aan een of meer skole geleë, wat hulle veeldoelige rol as skool-/gemeenskapsbiblioteke versterk. In YearBeyond verskaf die Departement 'n eerstewerkervaring en vernou terselfdertyd die leesgaping. IKT-Yeboneers wat in openbare biblioteke ontplooi word, is 'n suksesvolle projek wat die publiek bystaan met IKT-toegang en die digitale kloof aanpak. As deel van hul uitreik, skep baie biblioteke digitale inhoud en gebruik sosiale media.

Die vraag na aanlyn lees het oor die afgelope paar jaar geleidelik toegeneem en is nou deel van die aanbod by Wes-Kaapse openbare biblioteke, waar biblioteekgebruikers elektroniese en audioboeke uit die gemak van hulle huis of virtueel enige plek kan leen. Alle opnames van mondelinge geskiedenis is nou ook via YouTube beskikbaar vir enigiemand wat toegang daartoe wil verkry.

Die Departement werk ook voortdurend daaraan om sy argiefdienste te vernuwe. Hierby ingesluit is deurlopende digitalisering van argiefrekords. 'n Bykomende innoverende program is die gebruik van Access to Memory (AtoM) – 'n webgebaseerde sagtewareprogram vir die beskrywing van argiefstukke wat die aanlyn opvang en publisering van argiefmateriaal sal vergemaklik. Dit sal aanvullend tot die implementering van die Argiefwebwerf aanlyn toegang tot argiefrekords verbeter. Openbare bewusmakingsprogramme en uitstallings sal aanlyn aangebied word. Opleidingskursusse in die bestuur van elektroniese rekords sal steeds aangebied word om die bestuur van elektroniese rekords te verbeter. Opleiding in rekordbestuur en vir registerklerke wat in samewerking met die Departement van die Premier aanlyn aangebied word.

Die Departement het by die 2022 WKR Diensuitnemendheidstoekennings 'n bronstoekening vir YearBeyond gewen en is met silwer in die Nasionale Staatsdienstoekennings vir dieselfde program bekroon.

Die DKES het 'n gemeenskapsgerigte benadering gevolg deur gemeenskapsbates en maatskaplike kapitaal te benut die departement wat die transformerende krag van ontspanning, massadeelname, skool sport, klubskepping, sport, kuns en kultuur as meganismes vir die holistiese ontwikkeling van gemeenskappe wat die volgende bevorder:

- 'n Diepgaande gevoel van behoort;
- 'n Sterk identiteit gewortel in gemeenskapswaardes;
- Sosiale insluiting, waar diversiteit gevier word;
- 'n Verbintenis tot lewenslange aktiwiteit—om 'n "aktiewe nasie" te bou; en
- Kweek van 'n wen-mentaliteit—die smee van 'n "wen-nasie."

Hierdie programme fokus veral op die ontwikkeling van voorskoolse en skoolgaande jeug in die ouderdomsgroep 3 tot 18 jaar in gemeenskappe regoor die Wes-Kaap. Die klem in elke program is vroeë kindontwikkeling gedurende skool- en in naskoolse aktiwiteite. Hierby ingesluit is spel, liggaamsopvoeding, ontspanning, intra- en interskoolgebaseerde aktiwiteite, deelname op gevorderde vlak, bemeestering, en loopbaangebaseerde en professionele aktiwiteite. Die doel is om 'n deurlopende ontwikkelingsreis van vroeë kinderjare tot volwassenheid deur middel van persoonlike bemeestering en groei te skep.

Die gedeelde-fasiliteit-benadering is die kern in gemeenskappe waar skoolgebaseerde fasiliteite opgegradeer of nuut ontwikkel is om nie skegs die skole te dien nie, maar die breër gemeenskap. Hierdie fasiliteite word veilige ruimtes wat inklusiewe en toeganklike ruimtes bied wat deurlopende betrokkenheid en deelname aan 'n verskeidenheid ontspannings- en opvoedkundige aktiwiteite aanmoedig.

'n Kernaspek van die program se sukses lê in sy strategiese vennootskappe met skole, gemeenskapsorganisasies, plaaslike regerings en die private sektor. Hierdie vennootskappe bring bykomende kundigheid, hulpbronne en ondersteuning om te verseker dat die program volhoubaar en verreikend is. In samewerking met NRO's en tersiêre instellings, verseker die Departement dat die jeug toegang het tot 'n diverse reeks dienste en ontwikkelingsgeleenthede, wat die program se impak verder verryk.

Deur hierdie omvattende program — gevul met lewensvaardigheidsontwikkeling, positiewe sosiale boodskappe, en versterk deur vennootskappe — word die jeug in elke geteikende gemeenskap voorsien van 'n robuuste 15-jaar-roete. Op hierdie reis ontvang hulle die hulpbronne, leiding en ondersteuning wat nodig is om in afgeronde individue te ontwikkel. Die program bemagtig hulle om patriotiese burgers te word, diep verbonde aan hul gemeenskappe, en produktiewe lede van die samelewing wat toegerus is om sukses te behaal in hul persoonlike en professionele lewens. Hierdie holistiese benadering, versterk deur samewerking en gemeenskapsgedrewe vennootskappe, hef nie net die individu op nie, maar versterk die sosiale struktuur van die hele gemeenskap, wat positiewe, langdurige transformasie dryf.

'n Innoverende aspek van die Departement se werk met sportfederasies is om die burgerlike samelewing te betrek by jaarlikse monitering- en evalueringsvergaderings met federasies. Sodoende word aanspreeklikheid, toesighouding en inklusiewe deelname bevorder.

Die Departement gebruik aanlyn-oordragbefondsingsaansoekprosesse vir sportfederasies en kuns- en kultuurorganisasies, en sal voortgaan om die prosesse in die 2025/26-boekjaar te verfyn. Die Departement maak gebruik van 'n aanlyn besoekersregister vir geaffilieerde museums. Die aanlynregister laat besoekers by museums toe om met 'n slimfoon, tablet of persoonlike rekenaar aan te meld. Alle statistieke word dan outomaties by die gesentraliseerde aanlyn besoekersregister ingedien.

Die Departement van die Premier se Innovasie vir Impak-inisiatief ondersteun die gebruik van ontwerpdenke in openbare biblioteke, wat hulle meer aanpasbaar, gebruikergerig en toekomstig maak. Hulle het 'n vennootskap met die Wes-Kaapse Biblioteekdiens en die Universiteit van Kaapstad se Hasso Plattner School of Design Thinking Africa gefasiliteer oor 'n innoverende probleemoplossingsbenadering deur die Foundation Phase Design Thinking -uitdaging. Met die Wellington Biblioteek in die Drakenstein Munisipaliteit as 'n loodsterrein, is hierdie gebruikergerigte metodologie toegepas om eksperimentering aan te moedig, kreatiewe selfvertroue te bou en 'n innoverende toekoms te betree. Hierdie projek het die grondslag gelê vir toekomstige samewerking en vennootskappe met die ontwerp-skool in die streeke om dienste te verbeter en in die ontwikkelende behoeftes van gemeenskappe te voorsien.

Die DKES begin met die konsolidasie van die bestuur van sy dienspunte om doeltreffendheid en verbeterde toegang te maksimaliseer.

Die aanlyn besprekingstelsel vir besprekings by enige van die sewe Kultuurfasiliteite wat beskikbaar is vir gemeenskappe waar programme, konferensies of sessies, wat aspekte van welstand aanspreek aangebied kan word, is verbeter.

Die aanlyn kunsbefondsingsaansoekstelsel wat befondsing beskikbaar stel vir kunsorganisasies, individue en kunsmaatskappye binne die provinsie, is in 2021/22 geïmplementeer.

Hele-regering-benadering (WOGA) en hele-samelewing-benadering (WOSA)

Die DKES het in sy werksaamhede 'n samewerkende hele-samelewing-benadering aanvaar en vennootskappe in die kuns-, sport- en jeugsektor aangegaan. Deur die kollektiewe sterk punte van vennootskappe te benut, was die DKES in staat om sy voetspoor uit te brei, organisasies rondom 'n gemeenskaplike visie te mobiliseer, en koste met die nie-regeringsektor te deel.

Die hele-samelewing-benadering (WOSA) is 'n transversale gemeenskapsgebaseerde beplanningsbenadering wat ten doel het om die sosio-ekonomiese uitdagings "binne" 'n gemeenskap te begryp en aan te pak, eerder as die algemene uitdagings "van" 'n gemeenskap, met erkenning vir die feit dat elke gemeenskap sy eie unieke uitdagings het.

Die Departement en Erfenis Wes-Kaap is formele lede van die 'Problem-Driven Iterative Adaptation'- (PDIA) en 'Fixed Capital and Property Development'-span (FCPD). Die span pak gesamentlik uitdagings in die regering aan, met 'n fokus op werkverliese en dalende ekonomiese aktiwiteit in die bou- en eiendomontwikkelingsbedryf in die Stad Kaapstad Metropolitaanse Gebied.

Die Departement het ook 'n sterk werksverhouding met die WKOD rakende Skoolsport, MGO en Buurtskoolontwikkelingsprogram en die gedeelde fasiliteite. Dit sluit die distriks-, provinsiale en nasionale somer- en winterspele, voedingsprogram, liggaamlike opvoedingsprogram en operasionele bestuur van die gedeelde fasiliteite in. Die program het sterk samewerkende vennootskappe met Sportfederasies en die burgerlike samelewing.

Stedelike/landelike dienslewering

Al die Departement se dienste word in sowel die stedelike as landelike gebiede van die provinsie aangebied. Deur middel van kuns-, kultuur- en erfenisprogramme verseker die Departement dat kultuur en erfenis bewaar word en dat die kunste in landelike distrikte bevorder word, met museums en kunsfasiliteite as middelpunte. Die Departement verskaf biblioteekdienspunte in die meeste van die baie klein landelike gemeenskappe (met bevolkings van 'n paar honderd mense of meer). Die meeste van die klein landelike biblioteeksentrums word via die Konnektiwiteitsprojek vir Landelike Biblioteke (RLCP) van gratis internet voorsien. Vir baie van hierdie gemeenskappe is dit die enigste toegang tot die internet wat beskikbaar is. Om te verseker dat blinde en gesiggestremde mense in die provinsie gratis toegang tot leesmateriaal het, het die Departement, in samewerking met die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes, 37 minibiblioteke vir blindes in die landelike gebiede gevestig. Die Departement het sport- en ontspanningskantore in die ses distrikte van die Wes-Kaap. Die kantore is in Kaapstad, Paarl, Vredenburg, Caledon, Oudtshoorn en Beaufort-Wes geleë en daar is twee satellietkantore, naamlik in George en Vredendal. Kuns- en kultuurontwikkelingsprogramme word deur strategiese vennootskappe in alle landelike distrikte geïmplementeer.

Geaffilieerde museums is regoor die Wes-Kaap geleë, en 24 hiervan is in landelike gebiede wat bydra tot die bevordering van maatskaplike insluiting en ekonomiese ontwikkeling in hierdie gebiede.

Hierdie museums sluit in Beaufort-Wes Museum, CP Nel Museum (Oudtshoorn), George Museum, Bartolomeu Dias Museum (Mosselbaai), Worcester Museum en die Koringbedryfsmuseum (Moorreesburg).

Die Departement gaan voort om deur middel van die Provinsiale Argief- en Rekorddiens hulp te bied aan regeringsliggame, munisipaliteite ingesluit, om rekords te bestuur om aanspreeklikheid en goeie oorsigbestuur te bevorder. Behoorlike rekordbestuur help openbare instellings om hul inligting doeltreffend te bestuur, hul mandaat na te kom, hulle teen litigasie te beskerm, hul korporatiewe geheue te bewaar en deursigtigheid, aanspreeklikheid en goeie bestuurstoesig te bevorder.

Die ruimtelike voetspoor (terreine) van die Naskoolprogram is 55% stedelik en 45% landelik. Verskeie ander sport- en ontspanningsaktiwiteite vind ook in stedelike en landelike gebiede regoor die provinsie plaas. Stedelike en landelike ontwikkeling maak ook 'n integrale deel uit van al die Departement se sportontwikkelingsaktiwiteite, -projekte en -programme, bv. die Ontspanningsprogram, MGO-program en Skoolsportprogram. Deelnemers, personeel en toewysings het ten doel om 'n balans tussen stedelike en landelike ontwikkeling te verseker

Vooropstelling van geslag, die jeug en persone met gestremdhede

Die Departement gaan voort om menseregteperspektief in sy programme te hoofstroom. Dit is verteenwoordig op die provinsiale menseregteforum wat leiding gee aan alle departemente in die verbetering van sy menseregte-hoofstroomprogramme. DKES gebruik sy programme om diversiteit 54 van deelname te bevorder, gedragsverandering voor te staan en kwesbare individue terug te bring van die sosiale rand.

Deur sy biblioteekdienste bevorder DKES bemagtiging en gedragsverandering met betrekking tot Geslagsgebaseerde Geweld (GG) deur te verseker dat sy boeke stories en inligting aan sy begunstigdes verskaf. Die verskillende biblioteke en sy vennote het uitreikprogramme wat fokus op vrouebemagtiging en Vrouemaandaktiwiteite, Jeugmaandaktiwiteite en 16 Dae van Aktiwisme teen GG bevorder

Die Departement word gelei deur die verskillende openbare sektorbeleide om te voldoen aan geslagsgelykheid en hoofstroom programme. Die teisteringsbeleid verseker dat die Departement 'n klimaat skep wat vry is van seksuele teistering en afknouery. Die HOD se 8-beginsel-aksieplan lei die Departement om geslagsverwante hoofstroomprogramme deur opleiding, voorspraak, projekbeplanning en verslagdoening te versterk.

In die Naskoolprogram maak meisies meer as die helfte van die gereelde en konsekwente leerders uit. 'n Benadering van geslagsgelykheid word met sportontwikkelingsaktiwiteite, -projekte en -programme gevolg, bv. die Ontspanningsprogram, MGO-program en Skoolsportprogram. Deelnemers, personeel en toewysings het ten doel om 'n balans met betrekking tot geslag te verseker. Die federasies bied ook sport vir vroue en mans, en junior meisies en seuns in elke sportkode aan. Die Departement ondersteun die programme vir vroue en meisies wat deur sportfederasies geïdentifiseer is. Ses projekte word jaarliks in die Wes-Kaap geïdentifiseer. Daarbenewens word programme vir vroue en meisies deur middel van die volgende ondersteun:

- Kapasiteitsbou (noodhulp, vlakke, ens.)
- Leierskap en mentorskapkursusse
- Kursusse vir skeidsregters en tegniese beamptes

Ontwikkelingsprojekte Vroue in Sport-promosietoere sal jaarliks regoor die provinsie gehou word om die struikelblokke en inisiatiewe vir die vroue in sportbeleid en implementeringsplan te bespreek.

Die Departement gaan voort om beveiliging binne die Provinsie te ondersteun deur middel van sy programme en projekte. Een van ons resultate binne die Vroue en Meisies-program is 'n Beskermingsbeleid wat daarop gemik is om die gesondheid en welstand, menseregte van individue, 'n fokus op kinders en jong volwassenes, te beskerm. In 2019 het die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee (SASKOK) die Nasionale Beskermingsbeleid vir Sport daargestel en geïmplementeer.

Die Departement ondersteun ook persone met gestremdhede deur die departementele programme en die voorsiening van jaarlikse befondsing vir aktiwiteite binne die gemeenskap

Die DKES werk nou saam met die Beskermingskommissie van die Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie om verskeie fases van opleiding vir Beskermingsbeamptes vir klubs en sportfederasies te beplan. As deel van hierdie inisiatief, is die Departement besig om 'n Provinsiale databasis te konsolideer wat die vlakke/fases binne Beveiliging sal insluit vir aangewese beveiligingsbeamptes wat by klubs, skole en sportfederasies aangestel moet word om seker te maak dat beveiliging 'n integrale deel van alle sportstrukture uitmaak.

Die DKES bied ook voortgesette ondersteuning aan persone met gestremdhede deur sy departementele programme en deur jaarlikse befondsing aan gemeenskapsgebaseerde aktiwiteite toe te ken, wat groter inklusiwiteit en deelname oor die spektrum van gemarginaliseerde groepe bevorder.

Die Departement het befondsing voorsien aan 'n NRO wat bladmusiek in braille vir gesiggestremdes produseer. Dit bied individue die geleentheid om bladmusiek te lees en hulle kennis oor musiekgeletterdheid uit te brei.

Deur middel van sy ontwikkelingsprogramme voorsien die Departement opleidings- en opvoeringsgeleenthede vir gemeenskapsgebaseerde dansers, musikante, skrywers en dramagroepes wat tersaaklike geslag- en jeugkwessies verwoord.

Die Departement werk in oorleg met belanghebbende agentskappe in die dowe gemeenskap om deurlopende bewusmaking rakende gehoorgestremdes te skep. Die Departement het ook verskeie programme en inisiatiewe wat op vroue en die jeug fokus ten einde die maatskaplike en ekonomiese uitdagings waarvoor die jeug in die provinsie te staan kom, die hoof te bied.

Die Departement is verteenwoordig op die provinsiale GG-implementeringsplanforum. Hierdie forum word deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling gelei om GG met provinsiale programme uit te roei. Die DKES doen kwartaalliks verslag aan die forum oor sy bydrae tot die implementering met die fokus op gedragsverandering in gemeenskappe.

In ooreenstemming met die Wes-Kaapse jeugbeleid is die Departement daartoe verbind om al sy dienste en aktiwiteite voor op te stel. Die Departement is betrokke by voorkomingswerk wat op kinders en hul versorgers gefokus is, ondersteun adolessente deur oorgange en verskaf direkte ondersteuning aan jeugdiges wat NEET of in gevaar is.

Beleidskompromiste

Die Departement sal binne die beperkings van sy begroting eerder die gehalte en reikwydte van sy programme verbeter as om diensaanbiedinge uit te brei. Die biblioteekdiens sal byvoorbeeld nie in die vorm van die oprigting van nuwe biblioteke uitgebrei word nie, maar eerder deur die opgradering van bestaande fasiliteite en deur programme wat sal poog om meer inwoners via eBoek te bereik.

Om die diens uit te brei, sal ons addisionele fondse benodig vir infrastruktuur, personeel en biblioteekmateriaal en 'n verhoging wat ons in staat sal stel om die nuwe uitgebreide diens te handhaaf. Die gemiddelde toename oor die afgelope vyf jaar was egter net 1,2% soos hieronder getoon, en vandaar dat die Departement op diensgehalte en reikwydte eerder as uitbreiding fokus. Die toewysing het in die 2024/25-boekjaar marginaal gegroei en daar word nie verwag dat dit in die 2025/26-boekjaar sal groei nie.

Gemeenskapsbiblioteekdiens voorwaardelike toewysingsbegroting (2018/19 – 2024/25):

OBJ

Persentasie toename/afname:

JAAR	%
2018/19	3%
2019/20	5%
2020/21	-23%
2021/22	20%
2022/23	1%
2023/24	2%
2024/25	4%

Covid-noodlenigingsbefondsing geneem

Toewysing het nog nie na pre-Covid herstel nie

Werk met werklike afname

Die Departement het sy Grondwetlike en Wetgewende mandaat hersien, wat tot die volgende veranderinge gelei het:

1. Legendes-toekennings – Hierdie geleentheid sal slegs elke drie jaar gehou word.
2. Die Sport- en Ontspanningsdae – Dit was werknemersdae wat gebruik word vir sport en ontspanning wat nou by die Departement se welstandsprogramme geïnkorporeer sal word.

Boonop is die vakansieprogramme saamgevoeg in ons bestaande programme rondom positiewe portuurnetwerke en bestaande vennote sal nou ook 'n vakansieprogram aanbied en daar sal geen oproep vir vakansieprogramme wees nie. Dit verseker dat die vakansieprogramme nie eenmalige geleenthede is nie en dat ons kinders wat aan naskoolse programme deelneem ook in die vakansie veilig gehou word.

2.2. Diensleweringverbeteringsplan

Die Departement het 'n Diensleweringverbeteringsplan (SDIP) wat daarop gemik is om effektiewe en doeltreffende dienslewering te verseker. 'n Nuwe SDIP sal op 1 April 2025 in werking tree en sal fokus op die werk van die Departement se Erfenishulpbronbestuursdiens.

2.3. Beplande beleidsinisiatiewe

Ingevolge artikel 156(1)(b) van die Grondwet het 'n munisipaliteit die reg om enige ander aangeleentheid wat deur provinsiale wetgewing aan hom opgedra is, te administreer. Provinsiale wetgewing is dus nodig om 'n aangeleentheid wat buite Deel B van Bylae 4 en Deel B van Bylae 5 val, aan munisipaliteite toe te wys. Die Wes-Kaapse Wetsontwerp op Openbare Biblioteekdienste is op 8 Augustus 2024 vir openbare kommentaar gepubliseer. Die Wetsontwerp het ten doel om die verskaffing van openbare biblioteekdienste in die Provinsie te reguleer; voorsiening te maak vir die registrasie van openbare biblioteke in die Provinsie; die pligte van munisipaliteite te bepaal; lei die sluiting van openbare biblioteke; voorsiening te maak vir die koördinerende verantwoordelikhede tussen DKES en munisipaliteite en voorsiening te maak vir die opdrag aan munisipaliteite, in die mate gespesifiseer, van die administrasie van openbare biblioteekdienste in die Provinsie. Die Departement het Implementeringsprotokolle aangegaan ingevolge artikel 35 van die Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge, 2005 (Wet 13 van 2005) en Memorandums van Ooreenkoms met individuele munisipaliteite gebaseer op beginsels van uitvoerende opdrag.

Die Museumdiens gaan voort met die ontwikkeling van 'n konsep Wes-Kaapse Museumwetsontwerp, wat daarop gemik is om 'n gemoderniseerde raamwerk vir die toesig en bestuur van museums regoor die provinsie te verskaf. Hierdie wetgewende inisiatief poog om die bedryfsdoeltreffendheid, volhoubaarheid en strategiese rigting van museums te verbeter, om te verseker dat hulle noodsaaklike kulturele en opvoedkundige hulpbronne bly. Die voorgestelde wetsontwerp sal hedendaagse uitdagings in die sektor aanpak, institusionele bestuurstoelig stroomlyn, en inklusiewe toegang tot erfenis bevorder, terwyl dit met nasionale standaarde en beste praktyke in museumbestuur belyn word. Hierdie poging weerspieël die Wes-Kaap se verbintenis tot die behoud van sy ryk kultuurerfenis en die bevordering van 'n dieper openbare betrokkenheid by die provinsie se historiese bates.

Die Departement, met die ondersteuning van Erfenis Wes-Kaap, is daartoe verbind om 'n bygewerkte Bemaking- en Kommunikasie-strategie te ontwikkel wat daarop gemik is om die openbare persepsie van erfenisbewaring in die provinsie te verbeter. Hierdie strategie sal fokus om bewustheid te verhoog oor die belangrikheid van erfenisbewaring, die bevordering van 'n dieper waardering vir kulturele en historiese terreine, en die bevordering van aktiewe gemeenskapsbetrokkenheid. Deur moderne kommunikasieplatforms en geteikende veldtogte te benut, sal die inisiatief die waarde van die beveiliging van erfenis vir toekomstige geslagte beklemtoon, terwyl wanopvattinge rondom bewaringspogings aangepak word. Die strategie het ook ten doel om sigbaarheid, inklusiwiteit en toeganklikheid tot erfenishulpbronne te verbeter, om te verseker dat dit aanklank vind by diverse gehore regoor die Wes-Kaap.

Die Departement sal Erfenis Wes-Kaap aktief ondersteun om plaaslike owerhede te betrek om 'n groter rol te speel in die bestuur van Graad III-erfenishulpbronne, ooreenkomstig die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (WNEH). Hierdie samewerking beoog om plaaslike kapasiteit te versterk en te verseker dat munisipaliteite toegerus is met die nodige vaardighede en hulpbronne om toesig te hou oor die beskerming en bewaring van erfenisterreine van plaaslike belang. Deur vennootskappe met plaaslike regerings te bevorder, poog die Departement om erfenisbestuur te

desentraliseer, wat meer doeltreffende en konteksspesifieke besluitneming op munisipale vlak moontlik maak. Hierdie poging is deel van 'n breër strategie om die volhoubare bewaring van die Wes-Kaap se diverse kultuurlandskappe te bevorder, terwyl dit in lyn is met die wetgewende raamwerk van die WNEH.

3. Bywerkings tot tersaaklike hofuitsprake

Hofsaak	Verwysing	Impak op DKES
<i>The Chairpersons' Association v Minister of Arts and Culture [2007] SCA 44 (RSA)</i>	Appèlhof, saaknommer 25/2006	In hierdie uitspraak word uiteengesit wat as toereikende oorlegpleging met plaaslike gemeenskappe en ander belanghebbers beskou kan word ten opsigte van voorgestelde veranderinge aan geografiese name. Die DKES en die Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Namekomitee wat deur die LUR daargestel is, is belangrike rolspelers in die implementering van die tersaaklike wetgewing, veral in soverre die fasilitering van oorlegpleging met belanghebbendes en gemeenskappe betref. Hierdie uitspraak moet in ag geneem word wanneer veranderinge aan geografiese name hanteer word.
<i>Qualidental Laboratories v Heritage Western Cape [2007] SCA 170 (RSA)</i>	Appèlhof, saaknommer 647/06	Hierdie uitspraak bevestig die bevoegdheid wat aan die LUR en Erfenis Wes-Kaap verleen is om voorwaardes vir 'n ontwikkeling kragtens artikel 48 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, op te lê.
<i>Top Performers (Pty) Ltd v Minister of Cultural Affairs and Recreation</i>	Wes-Kaapse Hooggeregshof, saaknommer 5591/05	Hierdie uitspraak het 'n diepgaande impak op die appèlproses van die tribunale wat deur die LUR aangestel is kragtens artikel 49 van die Nasionale Wet op Erfenishulpbronne, 1999, gelees met Regulasie 12 van PK 336 van 2003. Die DKES en die LUR het regstellende stappe gedoen om billike administratiewe prosesse te verseker en voorsiening te maak vir die toelating van nuwe bewyse in die rekord van 'n tribunaalproses, asook beter nakoming van die reëls van natuurlike geregtigheid ten opsigte van die audi alteram partem maxim-grondbeginsel.
<i>Willows Properties (Pty) Ltd v Minister of Cultural Affairs and Sport</i>	Wes-Kaapse Hooggeregshof, saaknommer 13521/08	Die applikant het 'n dringende aansoek by die Hooggeregshof ingedien om die LUR te dwing om 'n besluit te neem of, as alternatief, die Rekord van Beslissing te voorsien ten opsigte van 'n appèl wat by die LUR ingedien is kragtens artikel 49 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, gelees met Regulasie 12(7) van PK 336 van 2003. Die impak van die uitspraak vir die DKES is dat dit moet verseker dat tribunale Rekords van Beslissing tydig uitreik. Regstellende maatreëls is sedertdien geïmplementeer.
<i>Waenhuiskrans Arniston Ratepayers Association and Another v Verreweide Eiendomsontwikkeling (Edms) Bpk and Others 1926/2008 [2009] ZAWCHC 181.</i>	Wes-Kaapse Hooggeregshof, saaknommer 1926/2008	Die hof het oorweeg of die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronnagentskap of Erfenis Wes-Kaap oor regsbevoegdheid beskik ten opsigte van terreine wat deur SAEHA as Graad 1-terreine ooreenkomstig artikel 35 en 36 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, gegradeer is. Die Hof het bevind dat SAEHA in sulke gevalle jurisdiksie het. Die implikasie van hierdie uitspraak vir die DKES is dat die Departement regshulp ten opsigte van die vertolking van wetgewing aan Erfenis Wes-Kaap moet verleen en moet verseker dat EWK binne sy regsmandaat optree.
<i>The Louis Trichardt Chairperson's Association v the Minister of Arts and</i>	Gauteng-afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika,	Die hof het die naamverandering van Louis Trichardt na Makhado ter syde gestel nadat die partye buite die hof 'n skikking bereik het. Dit het implikasies vir hoe die DKES en die Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Namekomitee verseker

Hofsaak	Verwysing	Impak op DKES
<i>Culture and the Geographical Names Council of South Africa</i>	2014	dat die nodige oorlegplegingsprosesse rakende voorgestelde veranderinge, standaardisering of heroorweging van geografiese name gekommunikeer en gedokumenteer word.
<i>Peter Gees v the Provincial Minister of Cultural Affairs and Sport, Western Cape, the Chairperson, Independent Appeal Tribunal, Heritage Western Cape, the City of Cape Town, City Bowl Ratepayers; & Residents' Association</i>	Wes-Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, saaknommer 6205/2015	Voorwaardes kan opgelê word in 'n permit vir die sloping van 'n bestaande struktuur wat ouer as 60 jaar is ingevolge artikel 34(1) van die Nasionale Wet op Erfenishulpbronne (Wet 25 van 1999).
<i>Piketberg Local Heritage Committee and Another v Liebco Vleishandelaars Edms Bpk and others (Heritage Western Cape 2nd Respondent)</i>	Wes-Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, saaknommer 1103 2016	Aansoek om hersiening van 'n besluit van EWK se Beboede Omgewing- en Landskapkomitee (BELCom). Toestemming is aan BELCom verleen om 'n gebou op erf 207 Piketberg te sloop. Die Piketberg-erfeniskomitee het by die Hooggeregshof aansoek gedoen om die besluit te hersien aangesien daar nie aan die bepalings van PAJA voldoen is nie. Die hof het EWK se huidige beleid wat aandui dat raadpleging slegs met geregistreerde bewaringsliggame moet geskied, oorweeg en bevind dat, aangesien die besluite wat geneem is die potensiaal het om die lede van die publiek te raak, breër openbare oorlegpleging nodig was.

DEEL B: ONS STRATEGIESE FOKUS

4. Bygewerkte situasie-ontleding

4.1. Ontleding van die eksterne omgewing

POLITIEKE OMGEWING

Deur sy Bestuurde netwerkmodel gaan die Departement voort om samewerkende intervensies met munisipaliteite te handhaaf, veral in die lewering van Openbare Biblioteekdienste. Munisipaliteite was histories betrokke by, en verskaf en bestuur steeds, openbare biblioteke, met aansienlike samewerkingsondersteuning van die Departement in die vorm van oordragbetalings om die bedryf van biblioteekdienspunte te ondersteun. Die Departement befonds 15 munisipaliteite ten volle en ondersteun die oorblywende 10 munisipaliteite deur die Voorwaardelike Toewysing, die Munisipale Vervangingsfonds en die Metrobiblioteektoewysing.

Die Departement het Implementeringsprotokolle aangegaan ingevolge artikel 35 van die Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge, Wet 13 van 2005 en Memoranda van Ooreenkoms met individuele munisipaliteite gebaseer op beginsels van uitvoerende opdrag. Ingevolge artikel 156(1)(b) van die Grondwet het 'n munisipaliteit die reg om enige ander aangeleentheid wat deur provinsiale wetgewing aan hom opgedra is, te administreer. Provinsiale wetgewing is dus nodig om 'n aangeleentheid wat buite Deel B van Bylae 4 en Deel B van Bylae 5 val, aan munisipaliteite toe te ken. Die DKES is in 'n gevorderde stadium in die ontwikkeling van provinsiale wetgewing.

Ontevredenheid met staatsdienste lei dikwels tot betogings wat soms 'n impak het op die dienste van biblioteke, museums en ander DKES-fasiliteite. Die 2026-plaaslike regeringsverkiesings kan 'n impak hê op die implementering van programme as gevolg van moontlike veranderinge in munisipaliteit afbakening, samesmelting en naamsveranderinge van sommige munisipaliteite. Dit kan rangskikking en beskrywing en lêerplanne beïnvloed. Deurlopende verandering van Rekenpligtige Beamptes in die munisipale omgewing beïnvloed rekordbestuur-implementering en verslagdoening.

EKONOMIESE OMGEWING

Oor die afgelope dekade (2014 - 2023) was die gemiddelde jaarlikse BBP-groeikoers 'n skamele 0,8 persent, en onvoldoende om die groeiende bevolking en arbeidsmag te akkommodeer, en onvoldoende om die land se endemiese hoë werkloosheidsyfer beduidend te verminder. Vir dieselfde tydperk het die Wes-Kaapse ekonomie 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 0,9% gehad, waarvan die grootste deel deur die finansiële sektor (0,7%) bygedra is met gemeenskapsdienste-, regering-, vervoer- en landbou-sektore wat elk 0,1 persentasiepunte bygedra het. Die vooruitsigte van die Suid-Afrikaanse ekonomie staar beide globale en binnelandse risiko's in die gesig, wat onder andere die volgende insluit: geopolitieke risiko's, klimaatsverandering en toenemende erger weersomstandighede, die energiekrisis en moontlike herlewing van beurtkrag, waterkrisisse wat beduidende kapitaalinvestering verg om infrastruktuur te herstel, die kwaliteit van plaaslike bestuur; en dienslewering, en skuldvlakke wat staatsbelegging in infrastruktuur en dienste beperk, wat fiskale risiko's inhou (Provincial Economic Review and Outlook, 2024).

Oor die afgelope vyf jaar het algehele indiensneming in die Wes-Kaap met 7,1% gestyg, en jeug indiensneming het met 3,6% gestyg (Provincial Economic Review and Outlook, 2024). Die werkloosheidsyfers bly egter hoog en hierdie werkloosheid plaas druk op verbruikersbesteding, verminder openbare hulpbronne en eskaleer probleme soos misdaad en geestesgesondheidskwessies. Baie van die provinsie se werklose jeugdige kom uit huise en gemeenskappe wat gekenmerk word deur sosio-ekonomiese ontbering (d.w.s. swak lewenstandaarde, lae onderwysuitkomste, hoë werkloosheidsyfers en swak gesondheidsuitkomste) en staar beperkte geleenthede na skool in die gesig. Die Departement se Jeugdiens-program beoogl om hierdie kwessie aan te pak deur geleenthede te skep vir die jeug om deel te neem aan 'n betekenisvolle werkservaring en toegang te verkry tot ondersteuning om oor te skakel na werk of studies.

Die ekonomiese konteks en voortgesette besuinigingsmaatreëls beperk die Departement se vermoë om ten volle kernfunksies te verskaf wat die Departement grondwetlik verplig is om te doen. Besnoeiings van die Vergoeding van Werknemers-begroting het gelei tot die onvermoë om kritieke poste te finansier in 'n omgewing waar die vraag na dienste gaan toeneem. Die feit dat lewering by DKES mensehulpbrongedrewe is, vererger sake. Die Provinsiale Argief- en Rekorddienste is ernstig geraak en sal nie in 'n posisie wees om broodnodige toerusting, personeel en infrastruktuur te finansier nie. Die ekonomiese impak is ook gevoel deur alle sektore wat die Departement ondersteun, met 'n paar kernvennote op die rand van sluiting. In reaksie op beperkte finansiële hulpbronne, sal die Departement fokus op strategiese herbelyning vir versterkte samewerking met relevante maatskaplike en openbare sektor instellings en inisiatiewe om hulpbronne te benut vir groter impak deur die Bestuurde netwerkmodel.

Die Departement sal ook reageer op die beperkte ekonomiese omgewing met 'n groter fokus op die bou van strategiese vennootskappe en die bevordering van entrepreneuriese ontwikkeling binne die sport-, kuns- en ontspanningsektore. Deur nismarkte te bevorder, soos die vervaardiging van gespesialiseerde toerusting en drag vir inheemse speletjies, kan DKES plaaslike nywerhede stimuleer, werkskepping aandryf en bydra tot die provinsie se ekonomiese veerkrachtigheid. Hierdie pogings sal deurslaggewend wees om die Wes-Kaap se herstel en groei te ondersteun, veral deur die informele en kreatiewe ekonomieë te benut om 'n meer volhoubare en inklusiewe ekonomiese toekoms te bou.

Ekonomiese afswaai of verskuiwings in regeringsprioriteite kan lei tot verdere begrotingsbeperkings, wat die vermoë beïnvloed om openbare biblioteekhulpbronne, personeel en dienste in stand te hou, hoewel die hoë werkloosheidsyfers, veral onder die jeug, biblioteke noodsaaklike sentrums vir werksoek, vaardigheidsontwikkeling, en verdere onderwys maak. Biblioteke bedien diverse gemeenskappe met verskillende sosio-ekonomiese status. In armer gemeenskappe is openbare biblioteke noodsaaklik aangesien hulle gratis toegang bied tot boeke, opvoedkundige materiaal en die internet, wat mense andersins nie sou kon bekostig nie. In ryker gebiede kan privaat- of skoolbiblioteke egter afhanklikheid van openbare biblioteke verminder.

Erfenisbewaring en -bevordering deur Erfenis Wes-Kaap (EWK) en museums speel ook 'n beduidende rol in die opheffing van die ekonomiese omgewing van die Wes-Kaap. Deur die streek se ryk kulturele en historiese bates te bewaar en ten toon te stel, lok hierdie instellings beide plaaslike en internasionale toeriste, wat groei in toerismeverwante sektore soos gasvryheid, kleinhandel en vervoer dryf. Boonop skep erfenisterreine en museums geleenthede vir werkskepping, vaardigheidsontwikkeling en entrepreneuriese ondernemings, veral in gemarginaliseerde gemeenskappe. Die bevordering van erfenis kan ook kultuurtrots en sosiale kohesie bevorder, gemeenskapsveerkrachtigheid verbeter en volhoubare ekonomiese praktyke aanmoedig wat in ooreenstemming is met die beskerming van kultuurhulpbronne. Deur strategiese vennootskappe, soos dié met plaaslike ambagsmanne en besighede, dra EWK en museums by tot die diversifikasie

van die plaaslike ekonomie, wat 'n dinamiese, erfenisryke landskap verseker wat inwoners en besoekers bevoordeel.

MAATSKAPLIKE OMGEWING

Sensus 2022 het aan die lig gebring dat die Wes-Kaapse bevolking van 6 miljoen tot 7,4 miljoen mense van 2011 tot 2022 gegroei het om die land se derde mees bevolkte provinsie te word. Verdere groei in die Provinsie se bevolking sal na verwagting bykomende druk op die vraag na die Departement se dienste plaas. Die bevordering van maatskaplike inklusiwiteit binne gemeenskappe bly 'n belangrike taak van die Departement. Soos verstedelike gemeenskappe groei, speel kultuur- en erfenisinstellings 'n belangrike rol in die verhoging van bewustheid en die ontwikkeling van 'n gevoel van behoort deur inklusiewe narratiewe wat lewenservarings weerspieël. Openbare belangstelling in die land se geskiedenis en erfenis het 'n groot belangstelling onder die jeug in kwessies van interpretasie van geskiedenis en die relevansie daarvan ingesluit. Dit dui op baie potensiaal vir geaffilieerde museums om hul sosiale betekenis binne gemeenskappe te bevestig deur dialoog oor hierdie kwessies, die verskaffing van relevante programme en deur 'n inklusiewe benadering tot dienslewering. Die Museums-, erfenis- en kultuurkomponente sal 'n belangrike rol speel om te verseker dat platforms vir dialoog geskep word, wat 'n ruimte kan oopmaak waarin veelvuldige narratiewe naas mekaar kan bestaan – herposisionering van erfenisterreine as dialogiese plekke waarin mededingende narratiewe bemiddel kan word.

Die Departement sal voortgaan met sy argiefbewusmakingsprogramme, uitstallings en virtuele toere ten einde die begrip van die waarde van argiefrekords en die rol van argiewe te verbeter. Daar was entoesiasme vir die Mondelinge Geskiedenis-inisiatief en daarom sal hierdie program voortgaan. Die ouer mense in gemeenskappe is oor die algemeen die primêre rentmeesters van tradisie en erfenis wat gemeenskappe se kultuur beliggaam. Die Mondelinge Geskiedenis-program speel 'n belangrike rol om te verseker dat brose oorblyfsels van die verlede bewaar en beskerm word.

Gemeenskapsonrus kan lei tot die vernietiging van die regeringsinfrastruktuur, insluitend brandstigting van die geboue waar rekords bewaar word, om die bewyse te verminder en sodoende leemtes in rekordversamelings te skep.

Namate gemeenskappe herstel van die maatskaplike impak van COVID-19, sal geestelike en fisiese welstand die sleutelfaktore wees. Die werk wat DKES doen is stroomop van aard deurdat dit probleme voorkom voordat dit gebeur, of alternatiewelik verminder dit stelselmatig skade wat deur daardie probleme veroorsaak word. Om kinders te leer swem is byvoorbeeld 'n uitstekende stroomop manier om verdrinkings te voorkom, en om fisies gesond te wees is 'n uitstekende manier om die aanvang van nie-oordraagbare siektes soos diabetes te verminder. Om die gety te keer en gemeenskappe te help om hul toestand van geestelike en fisiese welstand te verbeter, sal die Departement sy aandag verskuif na die begrip van hoe dit gemeenskappe gesonder en veiliger kan maak eerder as om te vra hoe die Departement kan reageer op die probleme wat gemeenskappe ongesond en onveilig maak nadat dit plaasgevind het.

Statistiek Suid-Afrika se verslag oor die Maatskaplike Profiel van die Jeug (2014-2020) dui daarop dat die jeug 'n hoë risiko vir betrokkenheid by misdaad loop. Die Departement het dus sy fokus op jeugontwikkelingsprogramme op die terrein van die kuns, kultuur, taal, sport en ontspanning asook die naskoolse sfeer verskerp. Die burgerlike samelewing het sportverwante strukture in alle geopolitieke distrikte in die provinsie. Die Departement se werksaamhede bied geleenthede vir die insluiting van al ons mense by opbouende maatskaplike aktiwiteite sodat toestande vir respek en verdraagsaamheid in ons samelewing geskep kan word.

Die Wes-Kaap is die tuiste van diverse taal-, etniese en kulturele groepe. Biblioteke moet hulpbronne in verskeie tale verskaf, insluitend Afrikaans, Engels en isiXhosa, om voorsiening te maak vir alle

gemeenskappe. Dit vereis noukeurige beplanning van materiaal en personeelopleiding. Die Wes-Kaap het 'n groot studentepopulasie, insluitend skoolkinders en universiteitstudente, van wie baie staatmaak op openbare biblioteke vir studiemateriaal en internettoegang. Biblioteke speel ook 'n kernrol in volwasse onderwys en lewenslange leerprogramme. In baie gebiede is daar 'n skerp digitale kloof, waar individue in armer gemeenskappe dalk nie toegang tot tegnologie by die huis het nie. Biblioteke vul hierdie leemte deur gratis internet- en rekenaartoegang te verskaf.

Die Wes-Kaap staar toenemende maatskaplike uitdagings in die gesig, insluitend geestesgesondheidskwessies vir die jeug, sosiale isolasie en 'n gebrek aan maatskaplike samehörigheid. Oor die volgende vyf jaar sal die DKES daarop fokus om hierdie kwessies aan te pak deur sy sport- en ontspanningsprogramme, wat as belangrike platforms vir jeugbetrokkenheid, sosiale insluiting en geestelike welstand dien. 'n Kernprioriteit sal die ondersteuning van die ontwikkeling van veerkragtige gesinne en die jeug wees, met die fokus op die bevordering van positiewe verhoudings en die skep van veilige, ondersteunende omgewings.

Die DKES sal ook geslagsgebaseerde geweld (GBV) prioriteer deur sy programme te benut om bewustheid te verhoog en veiliger, meer inklusiewe gemeenskappe te bevorder. Deur sy inisiatiewe na gemarginaliseerde gemeenskappe uit te brei en die krag van kultuur en sport te integreer, sal die DKES groter sosiale insluiting en samehörigheid aandryf. Hierdie holistiese benadering verhoog nie net individuele welstand nie, maar speel ook 'n kernrol in die bou van sterk, veerkragtige gesinne en gemeenskappe. Deur voortdurende betrokkenheid by gesonde, sosiaal-verrykende aktiwiteite, sal die DKES die sosiale struktuur van die provinsie versterk, wat beide gesinne en die jeug positief beïnvloed.

TEGNOLOGIESE OMGEWING

Die Departement het sy verskaffing van aanlyndienste versnel na aanleiding van die COVID-19-pandemie, wat tot beperkings op sosiale byeenkomste gelei het en sal voortgaan om die aktivering van aanlyndienste gedurende 2024/25 te verbeter.

Tegnologiese vooruitgang bied nuwe platforms om met inwoners te skakel en maak voorsiening om inhoud in meer lae te skep sodat die interpretasie van artefakte en gebeure in geskiedenis voortdurend bygewerk kan word. Dit bied ook 'n kostedoeltreffende manier waarop geskiedenis sonder die beperking van geografiese grense gedeel kan word, en stel die Departement in staat om dit in meer as een taal te doen.

Wêreldwyd groei die digitale bedryf die vinnigste, en dit blyk duidelik uit die rasse skrede waarmee musiek sowel as digitalisering in die literêre kunste aanlyn gestroom word. Die eise en behoeftes van die afgelope jaar het ons gebruik van tegnologie versnel om ons mandaat beter uit te voer om in hierdie ontwikkelende digitale omgewing relevant te bly. Die jaarlikse befondsingsiklus is na 'n aanlyn proses omskep. Dit het verslagdoening, datavaslegging en berging vir toekomstige gebruik vaartbelyn gemaak. Elektroniese en oudioboeke word nou gratis beskikbaar gestel aan geregistreerde openbare biblioteeklede vanuit die gemak van hul huise of feitlik enige plek. Sedert die ontstaan het die digitale biblioteekplatform, dit wil sê OverDrive, wat e-boeke en oudioboeke insluit, die gebruik aansienlik toegeneem. Die Konnektiwiteitsprojek vir Landelike Biblioteke (KLB), Mzansi Libraries Online, en die Breëband-ontplooing en Wi-Fi-inisiatiewe bied steeds die publiek gratis toegang tot IKT.

Die projek om argiewe te digitaliseer sal verbeterde toegang via die web en die bewaring van sommige geïdentifiseerde argivalia verseker om aan die toenemende vraag te voldoen. Digitalisering is die proses om inligting van 'n fisiese (papiergebaseerde) formaat te omskep in 'n digitale formaat om aanlyn toegang en die bewaring van 'n aansienlike hoeveelheid argiefrekords te verbeter, asook om die slytasie van oorspronklike rekords vir toekomstige naslaanwerk te

verminder. Tendense in inligtingsbestuur, soos digitalisering en die bestuur van elektroniese rekords, verander deurentyd en die Departement poog om op hoogte van hierdie tendense te bly. 'n Goeie IT-netwerk sal die deurlopende toeganklikheid van gedigitaliseerde beeldmateriaal en elektroniese inhoud moontlik maak. Deurlopende gebruik van Toegang tot Geheue (AtoM) – webgebaseerde sagteware vir die beskrywing van argiefstukke – sal die aanlyn beskikbaarstelling van argiefmateriaal vergemaklik. Die implementering van die argiefwebwerf sal toegang tot aanlyn argiefrekords moontlik maak en 'n geleentheid bied vir toegang tot versamelings van ander efenisinstansies en universiteite. Aanlyn uitstallings, openbare bewusmakingsprogramme en virtuele toere sal help om 'n groter gehoor te bereik.

Verskaffing van rekordbestuursdiens is nog altyd deur aangesig-tot-aangesig-verbintenisse aangebied; tegnologiese ontwikkelings het egter die veranderinge in dienslewingsmodelle aangedryf. Dit sluit die verskaffing van aanlyn opleiding en vergaderings in. Aanlyn opleidingsplatforms wat geïmplementeer is, maak dit moontlik om meer kliënte bereik. Tegnologie speel 'n beduidende rol in die bestuur van digitale rekords, die versekering van datasekuriteit en die implementering van tegniese oplossings vir rekordbestuur. Argiefdiens sal dienste vir blinde en gesiggestremde kliënte bekendstel.

Tegnologie maak voorsiening vir die implementering van samewerkende aanlyn platforms om toegang tot inligting deur aanlyn uitstallings te bevorder, gebruik van QR-kodes, breër navorsingsmetadatabelde, virtuele toere wat op verskeie departementele webwerwe/werkruimtes gepubliseer moet word. Gemeenskappe, veral die jeug, neem toenemend deel aan aanlyn aktiwiteite deur van internetgebaseerde bronne vir inligting en vermaak gebruik te maak. Derhalwe is dit nodig dat museums verseker dat hulle uitstallings en openbare programme toeganklik is via aanlyn netwerke sodat dit steeds relevant bly.

Voorts bestaan daar ongelykheid in leerderontwikkeling en akademiese uitkomst. Histories is dit minder waarskynlik dat leerders uit arm gemeenskappe toegang sal hê tot goeie naskoolprogramme (soos sport- en kultuuraktiwiteite); dat hulle weens toenemende in-migrasie van leerders oorbesette klaskamers sal ervaar; dat hulle beperkte blootstelling aan e-leer-geleentheid sal hê; dat hulle beperkte toegang tot goeie naskoolse private onderrig sal hê; en dat hulle minder geleentheid sal hê om aan uitstappies deel te neem. Hierdie faktore word met swak akademiese prestasie geassosieer. Die holistiese (d.w.s. akademie, sport, kuns en kultuur) fokus van naskoolse programme bied aan leerders die geleentheid vir ervaringsleer, wat as uiters belangrik vir die 4de Industriële Revolusie (4IR) beskou word. Derhalwe sal die Departement voortgaan om toegang te bied tot sport, kuns en kultuur, en ander naskoolse aktiwiteite asook geleentheid om leesvaardighede op te skerp en inisiatiewe wat onderwysuitkomst ondersteun. Virtuele en hibriede sport en ontspanning en naskoolse aktiwiteite het na die COVID-19-inperkings tydperk plaasgevind.

Die naskoolsektor het tegnologie doeltreffend aangewend om opleiding aan praktisyns te verskaf, om 'n aanlyn navorsingsimposium aan te bied en die bywoning van beide jeugdige en leerders in YearBeyond na te spoor.

'n Digitale inisiasiestelsel word ontwikkel om ouers en kultuurpraktisyns meer toegang tot inligting te bied om sterftesyfers in inisiasieskole te verminder.

Die pandemie het die vestiging van e-sport in gemeenskappe moontlik gemaak en die Departement werk nou saam met e-sportklubs en is betrokke by samesprekings met die federasies oor die ontwikkeling van die uitbreiding van e-sport in gemeenskappe regoor die Wes-Kaap.

Die vinnige toename in die vraag na digitale vaardighede en toenemende afhanklikheid van digitale platforms bied beide geleentheid en uitdagings vir DKES. Oor die volgende vyf jaar sal DKES digitale platforms gebruik om die reikwydte en doeltreffendheid van sy programme uit te brei, om te verseker dat deelnemers toegang tot moderne gereedskap en tegnologie het. Die integrasie van

kunsmatige intelligensie vir die verbetering van operasionele doeltreffendheid, tesame met die groeiende gewildheid van e-sport, sal nuwe paaie vir jeugbetrokkenheid oopmaak, tegnologie met fisieke aktiwiteit en ontspanning vermeng.

Deur tegnologiese hulpbronne doeltreffend te bestuur en billike toegang te verseker, kan die DKES homself posisioneer as 'n leier in digitale insluiting binne die sport- en ontspanningsektore. Hierdie vooruitdenkende benadering sal deelnemers bemagtig met die vaardighede en gereedskap wat hulle nodig het om in 'n toenemend digitale wêreld te floreer, terwyl die DKES se rol in die bevordering van aktiewe, betrokke gemeenskappe behou word.

OMGEWINGSFAKTORE

Die twee bedreigings van klimaatsverandering en energieskaarste gaan van die grootste uitdagings wees wat die volgende generasies die hoof sal moet bied. Of ons nou noodreaksie en paraatheid, ons ekonomieë, ons bestuur, of in die besonder ons beboude omgewings en infrastruktuur oorweeg, ons staan voor die vooruitsig van 'n nuwe 'normaal' waaroor ons min sekerheid het, maar waarvoor ons nietemin moet voorberei, by regerings-, institusionele-, sake- en huishoudelike vlakke.

Ons beleef reeds in Suid-Afrika 'n verwoestende energiekrisis en het duidelike klimaatverskuiwings gesien met die meer gereelde en erge vloede in die KwaZulu-Natal Provinsie, en die meer gereelde ernstige droogtes in die Wes-Kaap Provinsie

		<p>'n Verkrygingsjabloon aangevul en geïmplementeer om 'n verklaringklousule vir lynfunksie in te sluit.</p> <p>Die departementele Rekenpligtige Beamptestelsel (AOS) word aan alle amptenare versprei en deurlopend aan personeel gekommunikeer wanneer nodig.</p> <p>Amptenare wat geraak en betrokke is by/deur VKB-prosesse en ander finansiële aktiwiteite openbaar finansiële aktiwiteite via die e-openbaarmakingstelsel.</p> <p>Beregters moet vertroulikheidsooreenkomste onderteken</p> <p>Alle personeel in die oordragbetalingswerkvloei word vereis om 'n belangeverklaring te onderteken.</p> <p>Finansiële openbaarmakings word jaarliks deur magtigingsamptenare voltooi.</p> <p>Klousule oor 'geen-verdraagsaamheid teenoor bedrog, diefstal en korrupsie' is by alle oordragbetalingsooreenkomste ingesluit.</p> <p>'n Gedragskode word jaarliks deur VKB-personeel onderteken.</p> <p>Gedragskode vir bidkomiteelede word jaarliks onderteken asook 'n belangeverklaring wat vir elke vergadering onderteken word.</p>

7. Program 3 Prestasie-inligting

Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste

Doel: Om omvattende biblioteek- en argiefdienste in die Wes-Kaap te lewer.

Ontleding per subprogram:

Subprogram 3.1: Bestuur

Om strategiese bestuur en ondersteuning vir Program 3 te verskaf.

Subprogram 3.2: Biblioteekdiens

Om in ooreenstemming met die betrokke toepaslike wetgewing en grondwetlike mandate biblioteekdienste te verskaf.

Subprogram 3.3: Argiewe

Om argief- en rekordbestuurdienste ingevolge die Wet op die Provinsiale Argief- en Rekorddiens van die Wes-Kaap, 2005 te lewer.

Om ondernemingsinhoudbestuur (OIB)/MyContent in Wes-Kaapse regeringsliggame te implementeer en/of te ondersteun.

Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers, jaarlikse en kwartaallikse teikens

Uitkoms-aanwyse	Uitsette	Nr.	Uitsetaanwysers	MTOF skakel	PSP skakel	Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie 2024/25	Mediumtermyn teikens		
						2021/22	2022/23	2023/24		2025/26	2026/27	2027/28
2	Biblioteekboeke aangekoop	3.2.1	Hoeveelheid biblioteekboeke aangekoop**	1, 2	EHACS ICG	3 107	14 290	120 217	80 000	95000	95 000	80 000
2	Moniteringsbesoeke uitgevoer	3.2.2	Getal moniteringsbesoeke uitgevoer	3	ICG	1 190	1 172	1 550	1 179	1 190	1 190	1 190
5	Openbare bewusmakings-programme oor Argiefdienste uitgevoer	3.2.3	Getal openbare bewusmakingsprogramme oor biblioteekdienste en die bevordering van geletterdheid uitgevoer ***	3	EHACS	11	10	11	11	10	10	10
2	Opleidingsprogramme	3.2.4	Getal opleidingsprogramme aangebied vir openbare biblioteekpersoneel	2, 3	EHACS ICG	37	28	25	18	21	21	21
2	Biblioteke met internettoegang vir die publiek	3.2.5	Getal biblioteke met internetinfrastruktuur vir die publiek	1, 2	G4J EHACS ICG	229	228	229	232	232	232	232
2	Biblioteekdienspunte	3.2.6	Getal Biblioteekdienspunte	2	G4J EHACS VEILIGHEID ICG	375	375	376	377	373	373	373
2	Befondsingsondersteuning vir B3-munisipaliteite	3.2.7	Aantal B3-munisipaliteite wat vervangingsfondsoordragbetaling s vir personeel-, bedryfs- en/of kapitaaluitgawes aan biblioteke ontvang	1, 2, 3	G4J EHACS VEILIGHEID ICG	15	15	15	15	15	15	15
2	Befondsingsondersteuning aan Metro	3.2.8	Getal munisipaliteite wat oordragbetalings van die Metro Biblioteek-toewysing ontvang vir die opgradering en instandhouding van biblioteke	1, 2, 3	G4J EHACS VEILIGHEID ICG	1	1	1	1	1	1	1
2	Personeel befonds	3.2.9	Getal poste vir biblioteekpersoneel befonds deur vervangingsbefondsing	1, 2, 3	G4J EHACS	240	241	254	242	242	242	242

Uitkoms- aanwyse	Uitsette	Nr.	Uitsetaanwysers	MITOP skakel	PSP skakel	Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie 2024/25	Mediumtermynsteikens		
						2021/22	2022/23	2023/24		2025/26	2026/27	2027/28
2	Moniteringsbesoeke en aanlyn vergaderings aan B3-munisipaliteite	3.2.10	Getal moniteringsbesoeke en aanlyn vergaderings aan B3-Munisipaliteite	3	EHACS ICG	15	30	45	45	45	45	45
5	Publieke bewusmakings-programme oor Argiefdienste uitgevoer	3.3.1	Getal publieke bewusmakingsprogramme wat oor argiefdienste uitgevoer is	2	EHACS ICG	5	13	43	20	21	22	25
5	Mondelinge geskiedenis opnames versamel	3.3.2	Getal projekte oor mondelinge geskiedenis onderneem	2	EHACS ICG	4	5	32	22	22	21	21
6	Opleidingsintervensies geïmplementeer	3.3.3	Getal opleidingsintervensies	2, 3	EHACS ICG	11	13	9	7	8	9	10
2	Navrae verwerk	3.3.4	Getal navrae verwerk	2,	EHACS ICG	5 232	4 428	4 690	3 560	3 580	3 620	3 650
1	Besoeke deur navorsers aan die Argief	3.3.5	Getal besoeke deur navorsers aan die Argief	2	EHACS ICG	4 196	5 282	5 069	3 962	4 005	4 010	4 030
2	Gerestoureerde Archivalia	3.3.6	Getal argivalia (dokumente) gerestoureer	2	EHACS ICG	599	577	575	576	576	577	577
2	Lineêre meter georden	3.3.7	Getal lineêre meter georden	2	EHACS ICG	259	270.24	250.42	243	243	243	244
2	Omvattende bekendstelling van MyContent	3.3.8	Getal departemente wat OIB-ondersteuning ontvang	3	EHACS ICG	2	3	1	2	1	0	0
2	Klassifikasiesistels geëvalueer en/of goedgekeur	3.3.9	Getal rekordklassifikasiesistels geëvalueer en/of goedgekeur	3	EHACS ICG	185	222	148	80	100	110	120
5	Inspeksies uitgevoer	3.3.10	Getal inspeksies wat uitgevoer is	3	EHACS ICG	31	33	34	31	32	33	33
5	Wegdoeningsmagtigings uitgereik	3.3.11	Getal wegdoeningsmagtigings uitgereik	3	EHACS ICG	19	15	10	4	4	4	4
5	Inventarisse opgestel en bygewerk	3.3.12	Getal inventarisse opgestel en bygewerk	2	EHACS ICG	8	8	9	10	8	8	8

Uitsetaanwysers: jaarlikse en kwartaallikse teikens

Nr.	Uitsetaanwysers	Jaarlikse teikens 2025/26	Kwartaal 1	Kwartaal 2	Kwartaal 3	Kwartaal 4
3.2.1	Hoeveelheid biblioteekvoorraad aangekoop	80 000	20 000	20 000	20 000	20 000
3.2.2	Getal moniteringsbesoeke gedoen	1 190	387	294	305	204
3.2.3	Getal openbare bewusmakingsprogramme oor biblioteekdienste en die bevordering van geletterdheid aangebied	10	2	1	4	3
3.2.4	Getal opleidingsprogramme aangebied vir openbare biblioteekpersoneel	21	4	7	8	2
3.2.5	Getal biblioteke met infrastruktuur vir internettoegang vir die publiek	232				232
3.2.6	Getal biblioteekdienspunte	373				373
3.2.7	Getal B3-munisipaliteite wat oordragbetalings van vervangingsbefondsing ontvang vir personeel, bedryfs- en/of kapitaalbesteding rakende biblioteke	15				15
3.2.8	Getal munisipaliteite wat oordragbetalings van die Metro Biblioteek-toewysing ontvang vir die opgradering en instandhouding van biblioteke	1				1
3.2.9	Getal poste vir biblioteekpersoneel befonds deur vervangingsbefondsing	242				242
3.2.10	Getal moniteringsbesoeke en aanlynvergadering rakende B3-munisipaliteite	45	15		15	15
3.3.1	Getal openbare bewusmakingsprogramme rakende argiefdienste aangebied	21	6	6	4	5
3.3.2	Getal geskiedenisopnames versamel	22	6	6	6	4
3.3.3	Getal opleidingsintervensies	8	2	2	2	2
3.3.4	Getal navrae verwerk	3 580	890	897	903	890
3.3.5	Getal besoeke deur navorsers aan die Argief	4 005	1 000	1 044	1 044	917

Nr.	Uitsetaanwysers	Jaarlikse teikens 2025/26	Kwartaal 1	Kwartaal 2	Kwartaal 3	Kwartaal 4
3.3.6	Getal argivalia (dokumente) gerestoureer	576	143	145	145	143
3.3.7	Getal lineêre meter georden	243	60	65	53	65
3.3.8	Getal departemente wat OIB-ondersteuning ontvang	1				1
3.3.9	Getal rekordklassifikasiesistelsels geëvalueer en/of goedgekeur	100	30	30	20	20
3.3.10	Getal inspeksies uitgevoer	32	8	8	10	6
3.3.11	Getal wegdoeningsmagtigings uitgereik	4	1	1	1	1
3.3.12	Getal inventarisse opgestel en bygewerk	8	2	2	2	2

7.1. Uiteensetting van beplande prestasie oor die mediumtermyntydperk

Bydrae van uitsette tot bereiking van uitkomst en impak

Openbare biblioteke speel 'n deurslaggewende rol in die kweek van veilige, veerkragtige en samehangende gemeenskappe deur toegang tot kennis te verskaf, lewenslange leer te bevorder en sosiale insluiting aan te moedig. Met meer as 370 openbare biblioteke regoor stedelike en landelike gebiede, dien hierdie biblioteke as lewensbelangrike ruimtes waar individue betrokke raak by lees, opvoeding en ontspanningsaktiwiteite wat welstand bevorder. Deur diverse dienste en hulpbronne, insluitend digitale toegang en gratis inligting, bemagtig openbare biblioteke individue om met hul kultuur en erfenis te skakel, wat uiteindelik sosiale kohesie en gemeenskapsbetrokkenheid bevorder.

Die Departement se volgehoue ondersteuning en instandhouding van hierdie uitgebreide biblioteeknetwerk verseker dat alle gemeenskappe, ongeag geografiese of sosiale agtergrond, toegang tot noodsaaklike hulpbronne het. Deur biblioteke as gemeenskapsentrums te herverbeeld en digitale dienste uit te brei, bevorder die Departement groter deelname aan opvoedkundige en kultuuraktiwiteite. Verder verbeter die digitalisering van argiefrekords en verbeterde rekordbestuurstelsels toegang tot historiese kennis, wat verseker dat dit bewaar en wyd gedeel word.

Die Provinsiale Argief speel 'n integrale rol in die bevordering van sosiale insluiting deur toegang tot rekords te verskaf wat mense se lewens en welstand ingrypend beïnvloed. Die Argief help individue om hul identiteit beter te verstaan, en bevorder 'n sterker gevoel van behoort, waardigheid en algehele welstand. Deur inklusiewe argiewe te bevorder, verseker die Departement dat inligting vir almal toeganklik is, wat gapings in kennis oorbrug en gemeenskappe bemagtig. Uitreikprogramme bevorder verder die gebruik van argiefrekords, wat bydra tot sosiale kohesie.

Kapasiteitsbou-inisiatiewe wat deur platforms soos Microsoft Teams uitgevoer word, verseker maklike toegang tot opleiding, wat regeringsliggame en belanghebbendes bemagtig om hul rekordbestuurspraktyke te verbeter. Hierdie inisiatiewe verhoog die algehele impak van openbare biblioteke en argiewe, wat verdere betrokkenheid, toegang tot inligting en sosiale insluiting aandryf.

Deur hierdie gekombineerde pogings dra openbare biblioteke en argiewe by tot die skep van meer inklusiewe, bemagtigde gemeenskappe. Hul rol in die verhoging van toegang tot kennis, die bevordering van lewenslange leer en die ondersteuning van gemeenskapsbetrokkenheid dryf 'n kultuur van lees, sosiale insluiting en welstand aan. Boonop verseker die deurlopende bewusmakingsprogramme en -dienste dat biblioteke en argiewe steeds as dinamiese hulpbronne vir sosiale insluiting, nasionale identiteit en demokrasie in die provinsie dien.

Die Departement sal sy verbintenis handhaaf om munisipaliteite by te staan met die lewering van openbare biblioteekdienste regoor die Wes-Kaap, met 'n strategiese fokus op:

- Verseker universele toegang tot gratis inligting.
- Die bevordering van geletterdheid, opvoeding en intellektuele betrokkenheid.
- Ondersteuning van die groei van digitale dienste.
- Herontdek openbare biblioteke as dinamiese gemeenskapsentrums en veelgebruikte ruimtes.
- Die bevordering van die rol van openbare biblioteke as veilige, verwelkomende omgewings.
- Verder sal deurlopende bewusmakingsinisiatiewe geïmplementeer word om sosiale insluiting te bevorder, nasionale identiteit te bevorder en demokrasie binne die provinsie te versterk.

Pogings om argiefmateriaal te digitaliseer sal voortgaan, met die gebruik van Access to Memory (AtoM) en die bekendstelling van 'n argiefwebwerf, wat dit makliker maak vir gebruikers wêreldwyd om toegang tot argiefrekords te verkry.

- Opleiding sal 'n prioriteit bly, met deurlopende ontwikkeling vir regeringspersoneel in rekordbestuur, aangevul deur gereelde inspeksies om behoorlike rekordskepping en instandhouding oor hul lewensiklus te verseker.
- Verder sal deurlopende bewusmakingsprogramme in gemeenskappe plaasvind vir maatskaplike insluiting, die bou van nasionale identiteit en die ondersteuning van demokrasie in die provinsie. Die digitalisering van argiefrekords en die implementering van Access to Memory (AtoM) en die webwerf in die argiewe sal toegang tot argiefmateriaal verbeter om aan die behoeftes van gebruikers wêreldwyd te voldoen.
- Die opleiding van personeel van regeringsliggame in rekordbestuurspraktyke sal voortgaan, asook inspeksies oor rekordbestuur by regeringsliggame om te help dat rekords regdeur die lewensiklus daarvan behoorlik geskep en gehandhaaf word.

Die Departement sal fokus op:

- Die aankoop en verskaffing van biblioteekmateriaal om 'n leeskuiluur en lewenslange leer te bevorder
- Die voorsiening van gratis internettoegang by landelike openbare biblioteke.
- Oordrag van fondse deur die Munisipale Vervangingsfonds (MRF), Voorwaardelike Toewysing en Metrobiblioteekfonds met die hoofokus op die indiensneming van personeel en befondsing van bedryfskoste
- Ontwikkeling van openbare biblioteekpersoneel se professionele en tegniese vaardighede deur verskeie opleidingsprogramme.
- Die vestiging van minibiblioteke vir blinde of gesiggestremde eindgebruikers
- Voortgesette promosie- en bewusmakingsprogramme om biblioteekgebruik te versterk
- Die daarstelling van 'n argiefwebportaal wat die toeganklikheid tot hierdie kennis- en inligtingsbron tot voordeel van die publiek sal verbeter. Deurlopende dienste wat deurlopend ter plaatse in leeskamers aangebied word, dra by tot die verskaffing van inligting en die uitbreiding van toegang tot argiefrekords.
- Goeie rekordbestuur deur regeringsliggame wat van kritieke belang vir goeie oorsigbestuur is en wat die grondslag vir aanspreeklikheid en die beskerming van individue se regte sal verskaf.
- Toenemende en verbeterde toegang tot argiefrekords, insluitend:
 - Verbeterde rekordbestuursdienste by regeringsliggame
 - Goed bewaarde argiefferfenis
 - Toenemende kennis van historiese inligting
 - Die toenemende deel van kennis met ander lande
 - Gemoderniseerde argief- en rekordbestuursdienste
- Sterk rekordbestuurspraktyke binne regeringsliggame sal goeie bestuur ondersteun, wat aanspreeklikheid verseker en individue se regte beskerm. Dit sal ondersteun word deur:
 - Verbeterde rekordbestuursdienste binne staatsdepartemente.
 - Bewaring van argiefmateriaal vir toekomstige geslagte.
 - Verhoogde verspreiding en uitruil van historiese kennis.
 - Samewerking met sleutelbelanghebbendes om kennisdeling te verbeter.
 - Opgradeerde argief- en rekordbestuurstelsels om doeltreffendheid en toeganklikheid te verbeter

Uiteensetting van beplande prestasie

Die Departement dra by tot veilige en veerkragtige gemeenskappe deur sy volgehoue ondersteuning en instandhouding van die grootste openbare biblioteeknetwerk in die land met meer as 370 openbare biblioteke wat oor stedelike en landelike gebiede versprei is. Kerninisiatiewe, gedryf deur geteikende uitkomst, sal toegang tot hulpbronne verbeter, lewenslange leer bevorder en gemeenskapsbetrokkenheid versterk.

Deelname:

- Die Departement sal die bemagtiging en aktiewe deelname prioritiseer deur gratis internettoegang by landelike biblioteke te verskaf en die aantal minibiblioteke vir blindes en gesiggestremdes te vergroot. Hierdie inisiatiewe verseker dat alle gemeenskapslede, insluitend dié in landelike gebiede en individue met gestremdhede, die geleentheid kry om aktief betrokke te raak by en voordeel te trek uit die dienste wat gelewer word.
- Die Wes-Kaapse Biblioteekdiens is daartoe verbind om billike toegang tot 'n wye reeks inligtingsbronne vir navorsing, opvoeding en persoonlike ontwikkeling deur openbare biblioteke te verskaf. Die doel is om biblioteke te posisioneer as toonaangewende verskaffers van geverifieerde, relevante en toeganklike inligting, gratis vir almal. Dit sal bereik word deur diverse biblioteekmateriaal aan te skaf, insluitend harde kopieë, elektroniese boeke, tydskrifte en oudioboeke, om te verseker dat biblioteke dien as sleutelplatforms vir gemeenskapstoegang tot noodsaaklike kennis en hulpbronne.

Platforms:

- Om verbeterde dienslewering te verseker, sal die monitering en evaluering van dienste gehandhaaf word deur ter plaatse besoeke en aanlyn vergaderings met beide die munisipaliteite en openbare biblioteke.
- Die Departement sal die bemagtiging van gemeenskappe deur digitale innovasie en toegang prioritiseer met die verskaffing van gratis internet by landelike biblioteke deur die Konnektiwiteitsprojek vir Landelike Biblioteke. In vennootskap met die Departement van die Premier Sentrum vir e-Innovasie (Ce-I) sal die Departement biblioteekdiensleweringspunte heraanwend om burgers van toegang tot digitale dienste te voorsien, en diensleweringspunte in digitale diensspilpunte omskep vir verbeterde toeganklikheid en doeltreffendheid van staatsdienste.
- Die departement sal voortgaan om die Cape Librarian, 'n tweemaandelikse joernaal wat biblioteekwetenskap, administrasie, boekresensies en uitreik uitlig, te publiseer. Hierdie publikasie sal deurlopende betrokkenheid by biblioteekdienste ondersteun, kennisdeling bevorder en 'n leeskuilte bevorder, wat dit die enigste tweemaandelikse provinsiale biblioteekpublikasie in Suid-Afrika maak.
- Die Departement sal leeskamerdienste op die perseel aanbied en die Toegang tot geheue argiefstelsel (AtoM) implementeer om toegang en bewaring van argiefrekords te verbeter. Verhoogde digitalisering sal langtermyn toegang tot erfenis ondersteun. Uitreikprogramme insluitend skoolbesoeke en aanlyn aanbiedings, sal voortgaan om die publiek, veral die jeug, op te voed en bewustheid oor gemeenskappe oor die belangrikheid van argiefhulpbronne te kweek.
- Die Departement sal voortgaan om mondelinge geskiedenis op te teken en te versamel om die geskrewe geskiedenis vir bewaring aan te vul, end dit te bewaar vir publieke en navorsingstoegang by argiewe en biblioteke. Inspeksies van rekords van regeringsliggame sal uitgevoer word, insluitend die implementering van aanlyn inspeksie-opnames om hierdie proses te ondersteun. Die Departement sal rekordbestuurspraktyke regoor die provinsie

implementer, met 32 oudits van rekords wat beplan word om alle vorme van rekord- en inligtingsbestuur te monitor.

Paaië:

- As deel van kapasiteitsbou en vaardigheidsontwikkeling, sal opleidingsprogramme aan openbare biblioteekpersoneel steeds verskaf word, insluitend aanlyn opleidingsintervensies.
- Deurlopende opleiding, insluitend aanlyn intervensies, sal verskaf word om vaardighede in mondelinge geskiedenisversameling te verbeter.
- Kursusse in elektroniese rekordbestuur sal aan personeel aangebied word, wat die oorgang van papier- na elektroniese rekordhouding ondersteun.

Om goeie bestuur en toesig te verseker, sal die Departement voortgaan om nou saam te werk met munisipaliteite en betalings van die Munisipale Vervangingsfonds, Voorwaardelike Toewysing en Metrobiblioteekfonds oor te dra met die hoofokus op die indiensneming van personeel.

7.2. Programhulpbronorwegings

Beraamde besteding

Program 3: Biblioteek- en argiefdienste

Subprogram	Bestedingsuitkomste			Aangesuiw erde begroting	Beraamde mediumtermynbesteding		
	2021/22	2022/23	2023/24		2024/25	2025/26	2026/27
R duisend							
Bestuur	6 959	7 815	9 082	7 901	8 591	9 034	9 444
Biblioteekdienste	413 332	379 336	394 706	403 675	401 139	416 999	437 504
Argiewe	21 644	44 587	21 910	32 756	43 042	40 692	42 336
Totaal	441 935	431 738	425 698	444 332	452 772	466 275	489 284

Ekonomiese klassifikasie

Lopende betalings	115 535	121 915	116 356	137 050	141 683	145 303	151 724
Vergoeding van werknemers	68 936	73 991	75 615	82 127	87 625	93 115	97 909
Goedere en dienste	46 599	47 924	40 741	54 923	54 058	52 188	53 815
Oordragte en subsidies aan:	316 394	285 222	301 130	293 551	297 589	303 860	319 024
Provinsies en munisipaliteite	310 412	279 558	295 251	287 879	292 133	297 600	312 550
Instellings sonder winsoogmerk	5 337	4 499	5 412	5 048	5 456	6 260	6 474
Huishoudings	645	765	467	624			
Betalings vir kapitaalbates	9 975	24 576	7 301	13 731	13 500	17 562	18 536
Masjinerie en toerusting	9 941	24 576	7 301	13 681	13 500	17 562	18 536
Sagteware en ontasbare bates	34			50			
Betalings vir finansiële bates	31	25	911				
Totaal	441 935	431 738	425 698	444 332	452 772	466 725	489 284

Bydrae van hulpbronne tot die bereiking van uitsette

Die begrotingstoewysing styg met 1,90 persent of met R8,440 miljoen in 2025/26, van R444,332 miljoen in 2024/25 (aangepaste bewilliging) tot R452,772 miljoen in 2025/26. Die toename is hoofsaaklik as gevolg van die voorsiening van lewenskoste-aanpassing (CoLA) vir werknemers.

7.3. Bygewerkte hoofrisiko's

Uitkoms	Hoofrisiko	Risikobeperking
Deelname, platforms, paaie	Onvermoë om wetlike mandaat met betrekking tot die verskaffing van openbare biblioteekdienste te implementeer.	<p>Openbare Biblioteekdienste-funksie sal formeel aan Munisipaliteite opgedra (gedeeltelik toegewys) word</p> <p>Voorwaardelike befondsing word vir onbefondsde mandate voorsien vir B1- en B2-munisipaliteite vir die MTBR-tydperk (gedeeltelike befondsing van die onbefondsde mandaat).</p> <p>Voortsetting en verhoogde toewysing van Nasionale Tesourie van die voorwaardelike toewysing vir die lewering van gemeenskapsbiblioteekdienste aan provinsies. Verhoogde toewysing oor die MTBR-tydperk (Mediumtermyn-bestedingsraamwerk).</p> <p>Voortdurende steunwerwing vir befondsing (bv. nasionaal, provinsiaal en departementeel, MTBK, voorwaardelike toewysing-sakeplanvergaderings met die DKK en by die TIKvergaderings met DG's).</p> <p>PT Metro Biblioteek-toewysing (MBT) geormerk vir toewysings aan die Stad Kaapstad (drie jaar) vir die opgradering en instandhouding van biblioteke.</p> <p>PT se munisipale vervangingsbefondsing geormerk vir toewysings aan B3-biblioteke (drie jaar) – bedryfs- en personeelbegroting, insluitend geringe opgraderings.</p> <p>Die DKES sal voortdurend met munisipaliteite skakel om die verskaffing van openbarebiblioteekdienste voort te sit. Voortdurende skakeling deur middel van verskeie forums. Munisipaliteite wat vervangingsbefondsing ontvang, is gretig om steeds hulle biblioteekdienste te lewer.</p> <p>Ontwikkeling van metingsinstrument in samewerking met die Departement van Plaaslike Regering (DvPR) om munisipale kapasiteit vir die bestuur van befondsing en toegekende biblioteekfunksie te bepaal.</p> <p>Prioritiserings van die hernuwings wat volgens noodsaaklikheid en belangrikheid geskeduleer is.</p>
Deelname, platforms, paaie	Onvoldoende fisiese ruimte vir die oordrag van alle rekords wat van staatsinstellings ontvang is na die Argief	<p>Rekordbestuursamptenare ondersoek rekords wat by kliënte se persele gehou word, asook by eksterne bergingsfasiliteite, en doen aanbevelings rakende nienakoming.</p> <p>Skakeling met PT (Provinsiale Tesourie) en die Departement van Infrastruktuur en die Departement vir befondsing om die argief ruimte uit te brei (ekstra vleuel). Dit is 'n deurlopende intervensie..</p> <p>Tekorte/probleme rakende fisiese ruimte word op kwartaallike vergaderings oor infrastruktuur met die Departement van Infrastruktuur bespreek</p> <p>Kwessies rakende die argieffasiliteit geniet aandag</p> <p>Dui behoeftes in die Gebruikerbatabestuursplan aan. Koördinering van alle insette van bestuurders op 'n halfjaarlikse grondslag. Aanvang van samesprekings met die Departement van Infrastruktuur oor spesifikasies.</p>

8. Program 4: Prestasie-inligting

Program 4: Sport en ontspanning

Doel: Om sport- en ontspanningsaktiwiteite aan die inwoners van die Wes-Kaap te voorsien.

Ontleding per subprogram:

Subprogram 4.1: Bestuur

Om strategiese ondersteuning aan die sport- en ontspanningskomponent te bied.

Subprogram 4.2: Sport

Om sport te bevorder ten einde by te dra tot die versoening en ontwikkeling van die Wes-Kaapse gemeenskap deur middel van die verskaffing van gelyke, toeganklike en bekostigbare sportfasiliteite, -programme en -dienste.

Subprogram 4.3: Ontspanning

Om ontspanningsaktiwiteite te bevorder deur middel van volhoubare programme, om bystand te verleen aan ontspanningstrukture vir spesifieke ontwikkelingsdoeleindes, en om ontspanning te gebruik om 'n aktiewe en gesonde leefstyl aan te moedig.

Subprogram 4.4: Skoolsport

Om skoolsport te bevorder deur bystand te verleen met strukture, wedstrydreekse, talentidentifisering en -ontwikkeling asook aktiwiteite wat met deelname op gevorderde vlak en bemeestering verband hou.

Subprogram 4.5 MGO-program

Om skoolsport te bevorder deur bystand te verleen met strukture, wedstrydreekse, talentidentifisering en -ontwikkeling sowel as aktiwiteite rakende spesialisering, deelname op gevorderde vlak en bemeestering.

Subprogram 4.6 Jeugprogramme

Om voorspraak te maak vir die jeug in die provinsie, die kapasiteit van die sektor te bou en jeugdiensgeleenthede te verskaf om gehalteprogramme te verseker. Dit sluit sowel verrykingsprogramme met die fokus op skoolgaande leerders in en programme vir jeug wat nie op skool is nie. Die fokus sal wees op programme wat geleenthede bied vir tweeledige begunstigdes en paaie na die wêreld van werk of studie vir NEET-jeugdige (nie in diens, onderwys of opleiding) in die Wes-Kaap.

Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers, jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitkoms-aanwyser	Uitsette	Nr.	Uitsetaanwysers	MTOP skakel	PSP skakel	Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie 2024/25	Mediumtermyn teikens		
						2021/22	2022/23	2023/24		2025/26	2026/27	2027/28
1	Voorsiening van uitrusting en toerusting	4.2.1	Getal skole, spilpunte en klubs voorsien van toerusting en/of uitrusting om deelname in sport en ontspanning moontlik te maak	1, 2	EHACS VEILIGHEID	514	534	534	529	529	529	529
3	Ondersteuning aan geaffilieerde distriksportfederasies	4.2.2	Getal geaffilieerde distriksportfederasies ondersteun	1, 2	G4J EHACS VEILIGHEID	143	134	131	120	120	125	125
3	Sportbyeenkomste	4.2.3	Getal sportbyeenkomste ondersteun	1, 2	G4J EHACS	104	135	121	80	100	100	100
1	Welstand- en fiksheidsprogramme	4.2.4	Getal fiksheids- en welstandprogramme wat deur die gimnasium gefasiliteer word	2	EHACS	4	4	4	4	6	8	8
5	Toekenningsereonies	4.2.5	Getal toekenningsereonies gehou	2	EHACS	1	2	1	1	1	2	1
8	Sportlui opgelei	4.2.6	Getal sportlui wat betrokke is by opleiding	1, 2	G4J EHACS VEILIGHEID	158	176	154	150	150	200	250
6	Ondersteuning van atlete	4.2.7	Getal hoëprestasie atlete deur programme ondersteun om op internasionale vlak deel te neem	1, 2	G4J EHACS VEILIGHEID	45	50	70	40	50	50	50
2, 3	Byeenkomste vir vroue en meisies ondersteun	4.2.8	Getal byeenkomste vir vroue en meisies ondersteun	1, 2	EHACS VEILIGHEID	4	10	11	6	6	10	12
2, 3	Projekte en/of programme vir gestremde persone ondersteun	4.2.9	Getal projekte en/of programme vir gestremde persone ondersteun	1, 2	EHACS VEILIGHEID	-	-	4	4	4	4	4
6	Ondersteuning aan atlete	4.2.10	Getal atlete deur ontwikkelingsprogramme ondersteun*	1, 2	G4J EHACS VEILIGHEID	210	219	230	210	4	4	4
1, 6	Vroue/meisies bemagtig	4.2.11	Getal vroue en meisies bemagtig om sport en ontspanning te lewer	1, 2	G4J EHACS VEILIGHEID	-	-	-	-	200	200	200
1	Inheemse Speletjieskodestrukture word ondersteun	4.3.1	Getal kodestrukture van inheemse speletjies ondersteun	1, 2	EHACS VEILIGHEID	7	7	7	8	8	8	8
1, 4	Deelnemers ondersteun om aan toernooie vir Inheemse Spele deel te neem	4.3.2	Getal deelnemers wat ondersteun is om aan toernooie vir Inheemse Spele deel te neem	1, 2	EHACS VEILIGHEID	-	-	-	-	2 200	2 350	2 500

Uitkoms- aanwyser	Uitsette	Nr.	Uitsetaanwysers	MTOF skakel	PSP skakel	Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie 2024/25	Mediumtermyn-teikens		
						2021/22	2022/23	2023/24		2025/26	2026/27	2027/28
1, 2	Distriksgebaseerde jeugkampe gehou	4.3.3	Getal distriksgebaseerde jeugkampe gehou	2	EHACS VEILIGHEID	-	-	-	-	2	2	2
1, 2	Ontspanningsentrums ondersteun	4.3.4	Getal ontspanningsentrums ondersteun	1, 2	EHACS VEILIGHEID	25	25	25	25	25	25	25
1, 2, 7	Werkgeleenthede indie Ontspannings-program	4.3.5	Getal werkgeleenthede binne die Ontspanningsprogram geaktiveer	1, 2	G4J EHACS VEILIGHEID	50	50	41	50	50	50	50
2, 7	Werkgeleenthede in die skoolsportsektor	4.4.1	Getal werkgeleenthede geskep in die skoolsportsektor (Fasiliteitsbestuur)	1, 2	G4J EHACS VEILIGHEID	-	-	-	-	20	30	30
1, 2, 4, 7	Ondersteun die operasionele bestuur en instandhouding van Gedeelde Fasiliteite	4.4.2	Getal Gedeelde Fasiliteite ondersteun	1, 2, 3	EHACS VEILIGHEID	-	-	-	-	6	7	7
1, 2, 7	MGO-sentrums ondersteun	4.5.1	Getal MGO-sentrums ondersteun	1, 2	EHACS VEILIGHEID	181	181	181	181	315	315	375
1, 2, 7	Werkgeleenthede binne die MGO-program	4.5.2	Getal werkgeleenthede binne die MGO-program geskep	1, 2, 3	G4J EHACS VEILIGHEID	470	470	362	362	496	496	496
6	Opleidingsgeleenthede bou praktisynkapasiteit	4.6.1	Getal praktisyns wat aan opleiding deelneem	1, 2	G4J EHACS VEILIGHEID	710	709	502	500	500	500	500
9	Jeugdiensgeleenthede	4.6.2	Getal jeugdiensgeleenthede geskep	1, 2	G4J EHACS VEILIGHEID	1 385	3017	3 080	3 000	3 000	3 000	3 000
7	Skakelings met belanghebbers	4.6.3	Getal skakelings met eksterne belanghebbers	1, 2, 3	G4J EHACS VEILIGHEID	9	8	8	8	8	8	8
1, 2	Jeugdige in gevaar wat gereeld en konsekwent aan NSP's deelneem	4.6.4	Getal kinders in gevaar wat gereeld en konsekwent aan NSP's deelneem	1, 2	G4J EHACS VEILIGHEID	3 033	6205	8 116	8 000	8 000	8 000	8 000

*Hierdie aanwyser het deelnemers tot 2024/25 getel en verander om programme in 2025/26 te tel.

Uitsetaanwysers, jaarlikse en kwartaalike teikens

Nr.	Uitsetaanwysers	Jaarlikse teikens 2025/26	Kwartaal 1	Kwartaal 2	Kwartaal 3	Kwartaal 4
4.2.1	Getal skole, sentrums en klubs volgens gevestigde norme en standaarde van toerusting en/of uitrustings voorsien	529			529	
4.2.2	Getal geaffilieerde distriksportfederasies ondersteun	120	10	40	50	20
4.2.3	Getal sportbyeenkomste ondersteun	100	5	30	40	25
4.2.4	Getal welstand- en fiksheidsprogramme deur die gimnasium gefasiliteer	6	1	2	2	1
4.2.5	Getal toekenningsereemonies gehou	1			1	
4.2.6	Getal sportlui opgelei	150			75	75
4.2.7	Getal hoëprestasie atlete deur programme ondersteun om op internasionale vlak deel te neem	50		20	20	10
4.2.8	Getal byeenkomste vir vroue en meisies ondersteun	6	1	2	2	1
4.2.9	Getal intervensies vir gestremde persone ondersteun	4	1	1	1	1
4.2.10	Getal ontwikkelingsprogramme vir atlete ondersteun	4				4
4.2.11	Getal vroue en meisies bemagtig om sport en ontspanning te lewer	200	20	70	90	20
4.3.1	Getal kodestrukture van inheemse speletjies ondersteun	8				8
4.3.2	Getal deelnemers aan toernooie vir inheemse speletjies ondersteun	2200	2200			
4.3.3	Getal distriksgebaseerde jeugkampe gehou	2			2	
4.3.4	Getal ontspanningsentrums ondersteun	25				25

Nr.	Uitsetaanwysers	Jaarlikse teikens 2025/26	Kwartaal 1	Kwartaal 2	Kwartaal 3	Kwartaal 4
4.3.5	Getal werkgeleenthede in die Ontspanningsprogram	50				50
4.4.1	Getal werkgeleenthede in die Skoolsportsektor (Fasiliteitsbestuur) geskep	20				20
4.4.2	Getal Gedeelde Fasiliteite ondersteun	6		6		
4.5.1	Getal MGO-sentrums ondersteun	315		315		
4.5.2	Getal werkgeleenthede in die MGO-program geskep	496		496		
4.6.1	Getal praktisyns opgelei	500	125	125		250
4.6.2	Getal jeugdiensgeleenthede geskep	3 000			3 000	
4.6.3	Getal skakelings met eksterne belanghebbers	8	2	2	2	2
4.6.4	Getal kinders wat gereeld en konsekwent aan NSP's deelneem	8 000				8 000

8.1. Uiteensetting van beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Bydrae van uitsette tot die bereiking van uitkomst en impak

Die Departement beoog om sy wetgewende mandaat te bereik deur burgers en leerders te mobiliseer om aktief te word deur sy sport- en ontspanningsprogramme, om hoëpresterende atlete te ondersteun om te verseker dat die Provinsie en nasie 'n wennasie word deur ondersteuning vir volgende vlak deelname. Verder sal die Departement die geleentheidsgaping vir leerders met gebrekkige hulpbronne sluit deur die bevordering en voorsiening van naskoolse programme en jeugkampe en die geleentheidsgaping vir die jeug deur die jeug in diens-program

Fase Twee (2015-2017) van die Gronde vir Sport- meerjarige Navorsingsprogram (2012-2017) het getoon dat die impak van sport- en ontwikkelingsintervensies deurlopend sterker word en dat spesifieke neigings en tendense oor die afgelope twee jaar duidelik geword het. Hierdie tendense behels onder meer 'n toename in massifikasie, asook 'n verbetering in spesialisering in verskillende sport- en verwante gebiede.

Van die beduidende resultate van die navorsing sluit in die substantiewe toename in geregistreerde atlete en aktiewe sportdeelnemers in sportfederasies. Ten opsigte van deelname by MGO-sentrums, is die prestasie van sportfederasies in ontwikkeling en transformasie, asook die impak van verskillende strategiese inisiatiewe, weerspieël in die portefeulje van gevallestudies wat vir hierdie verslag saamgestel is.

Die jeugdiensprogram dra voorts by tot 'n vermindering in werkloosheid onder die jeug terwyl dit tegelykertyd dienslewering verbeter.

Deelname - Bemagtiging van aktiewe gemeenskappe

Sport- en ontspanningsprogramme dryf deelname deur toeganklike geleenthede te bied vir individue om betrokke te raak by fisiese, kulturele en welstandsaktiwiteite. Deur inisiatiewe soos die Rekreasie- en MGO-program word duisende leerders ondersteun in gestruktureerde sport- en ontspanningsaktiwiteite wat lewenslange gewoontes van aktiewe betrokkenheid bou. Die fasilitering van welstandsprogramme in gimnasiums, ondersteuning aan federasies en klubs, die verskaffing van toerusting en uitrustings aan skole, sentra en klubs, en die bemagtiging van vroue en meisies om sport- en ontspanningsinisiatiewe te lewer, skep 'n inklusiewe omgewing waar hindernisse tot deelname verwyder word. Boonop vier intervensies vir persone met gestremdhede en kulturele aktiwiteite soos die Provinsiale Inheemse Spele-kampioenskappe diversiteit, om te verseker dat alle individue, ongeag hul agtergrond of vermoëns, aktief kan deelneem. Hierdie pogings bevorder nie net persoonlike welstand nie, maar versterk ook gemeenskapsamehorigheid en lewenskragtigheid.

Platforms - Skep veilige en inklusiewe ruimtes

Sport en ontspanning skep platforms wat sosiale insluiting, lewenslange ontwikkeling en bemagtiging bevorder deur veilige en goed bestuurde ruimtes. MGO-sentrums, ontspanningsentrums, YearBeyond-terreine, klubs en gedeelde fasiliteite bied gestruktureerde omgewings waar die jeug aan positiewe aktiwiteite kan deelneem, wat kwesbaarheid vir negatiewe invloede verminder. Hierdie pogings word versterk deur diensvlakooreenkomste wat die operasionele volhoubaarheid van hierdie ruimtes verseker, wat hul rol as veilige ruimtes vir gemeenskapsbetrokkenheid versterk. Vroue en meisies word

verder bemagtig deur doelgerigte intervensies, terwyl jeugkampe en toekeningseremonies prestasies vier en deelname inspireer. Hierdie platforms bied aan individue geleenthede om te verbind, te groei en 'n gevoel van behoort te voel, om te verseker dat gemeenskappe meer inklusief, veerkragtig en bemagtig is om te floreer.

Paaie – Ontsluit geleenthede vir groei en uitnemendheid

Sport en ontspanning skep paaie wat individue in staat stel om talent te ontwikkel, toegang tot geleenthede te kry en sukses op elke vlak te behaal. Gesamentlike beplanning en afleweringstaakspanne koördineer pogings om effektiewe talentontwikkeling te verseker, ondersteun deur atleetontwikkelingsprogramme en akademiële geleenthede. Hoëprestasie-atlete kry die hulpbronne om op internasionale platforms mee te ding, terwyl distriks-, provinsiale en nasionale kampioenskappe mededingende platforms vir opkomende talent bied. Boonop bevorder groot byeenkomste die ekonomiese impak en skep geleenthede vir toerisme, infrastruktuurontwikkeling en werkskepping. As die hoofafdeling vir jeug, bied die Departement se jeugvlagskipprogram YearBeyond geleenthede vir NEET-jeugdige om werkservaring op te doen en hul ekonomiese netwerke uit te brei. Opleiding vir sport- en ontspanningsbeoefenaars en jeug-in-diens-inisiatiewe rus individue verder toe met vaardighede en ervaring, wat paaie na persoonlike en professionele groei verseker. Hierdie omvattende pogings koester nie net talent nie, maar dra ook by tot ekonomiese bemagtiging en gemeenskapstrots.

Uiteensetting van beplande prestasie

Toegang tot sport en ontspanning vir die inwoners van die Wes-Kaap sal gefasiliteer word deur die uitkomst vir deelname, platforms en paaie soos volg:

- Deelname – Bemagtiging van aktiewe gemeenskappe

Sport- en ontspanningsprogramme dryf deelname deur toeganklike geleenthede te bied vir individue om betrokke te raak by fisiese, kulturele en welstandaktiwiteite. Deur inisiatiewe soos die Rekreasie- en MOD-program word duisende leerders ondersteun in gestruktureerde sport- en ontspanningsaktiwiteite wat lewenslange gewoontes van aktiewe betrokkenheid bou. Die fasilitering van welstandsprogramme in gimnasiums, ondersteuning aan federasies en klubs, die verskaffing van toerusting en drag aan skole, spilpunte en klubs, en die bemagtiging van vroue en meisies om sport- en ontspanningsinisiatiewe te lewer, skep 'n inklusiewe omgewing waar hindernisse tot deelname verwyder word. Daarbenewens vier intervensies vir persone met gestremdhede en kulturele aktiwiteite soos die Provinsiale Inheemse Spele-kampioenskappe diversiteit, om te verseker dat alle individue, ongeag hul agtergrond of vermoëns, aktief kan deelneem. Hierdie pogings bevorder nie net persoonlike welstand nie, maar versterk ook gemeenskapsamehorigheid en lewenskragtigheid.

- Platforms – Skep veilige en inklusiewe ruimtes

Sport en ontspanning skep platforms wat sosiale insluiting, lewenslange ontwikkeling en bemagtiging bevorder deur veilige en goed bestuurde ruimtes. MOD-sentrums, ontspanningsentrums, klubs en gedeelde fasiliteite bied gestruktureerde omgewings waar die jeug aan positiewe aktiwiteite kan deelneem, wat kwesbaarheid vir negatiewe invloede verminder. Hierdie pogings word versterk deur diensvlakooreenkomste wat die operasionele volhoubaarheid van hierdie ruimtes verseker, wat hul rol as veilige ruimtes vir gemeenskapsbetrokkenheid versterk. Vroue en meisies word verder bemagtig deur doelgerigte intervensies, terwyl jeugkampe en toekeningseremonies prestasies vier en deelname inspireer. Hierdie platforms bied aan individue geleenthede om te verbind, te groei en 'n gevoel van

behoort te voel, om te verseker dat gemeenskappe meer inklusief, veerkragtig en bemagtig is om te floreer.

- Paaie – Ontsluit geleenthede vir groei en uitnemendheid

Sport en ontspanning skep paaie wat individue in staat stel om talent te ontwikkel, toegang tot geleenthede te kry en sukses op elke vlak te behaal. Gesamentlike beplanning en afleweringstaakspanne koördineer pogings om effektiewe talentontwikkeling te verseker, ondersteun deur atleetontwikkelingsprogramme en akademiégeleenthede. Hoëprestasie-atlete kry die hulpbronne om op internasionale verhoë mee te ding, terwyl distriks-, provinsiale en nasionale kampioenskappe mededingende platforms vir opkomende talent bied. Boonop bevorder groot gebeurtenisse die ekonomiese impak en skep geleenthede vir toerisme, infrastruktuurontwikkeling en werkskepping. Opleiding vir sport- en ontspanningsbeoefenaars en jeug-in-diens-inisiatiewe rus individue verder toe met vaardighede en ervaring, wat paaie na persoonlike en professionele groei verseker. Hierdie omvattende pogings koester nie net talent nie, maar dra ook by tot ekonomiese bemagtiging en gemeenskapstrots.

8.2. Programhulpbronorwegings

Beraamde besteding

Program 4: Sport en Ontspanning

Subprogram	Bestedingsuitkomste			Aangesuiwerde begroting	Beraamde mediumtermynbesteding		
	2021/22	2022/23	2023/24		2024/25	2025/26	2026/27
R duisend							
Bestuur	84 516	46 218	16 218	15 889	16 037	13 087	13 442
Sport	61 490	69 957	62 501	66 466	70 382	73 737	77 489
Ontspanning	17 436	18 239	18 551	20 215	20 473	21 468	22 402
Skoolsport	45 702	45 819	47 031	49 388	47 979	52 986	57 519
MGO-program	52 591	39 488	39 532	67 419	74 153	75 978	77 638
Jeugprogramme		66 866	57 795	62 129	54 804	53 596	52 800
Totaal	261 735	286 587	241 628	281 506	283 828	290 852	301 290

Ekonomiese klassifikasie

Lopende betalings	104 137	111 562	107 901	149 666	154 093	161 634	170 108
Vergoeding van werknemers	31 303	31 875	34 278	38 699	42 861	45 972	48 403
Goedere en dienste	72 834	79 687	73 623	110 967	111 232	115 662	121 705
Oordragte en subsidies aan:	150 513	168 541	126 787	123 006	121 823	121 297	122 873
Provinsies en munisipaliteite	6 588	2 049	2 934	3 260	2 200	2 321	2 321
Organisasies sonder winsoogmerk	143 847	165 847	123 724	119 483	119 623	118 976	120 552
Huishoudings	78	645	129	263			
Betalings vir kapitaalbate	7 032	6 450	6 902	8 829	7 912	7 921	8 309
Masjinerie en toerusting	7 032	6 450	6 902	8 689	7 912	7 921	8 309
Sagteware en ander ontasbare bates				140			
Betalings vir finansiële bates	53	34	38	5			
Totaal	261 735	286 587	241 628	281 506	283 828	290 852	301 290

Bydrae van hulpbronne tot die bereiking van uitsette

Die begroting styg met 0,82 persent of met R2,322 miljoen in 2025/26, van R281,506 miljoen in 2024/25 (aangepaste bewilliging) tot R283,828 miljoen in 2025/26. Die verhoging is weens 'n nuwe geoormerkte toekenning van R3 miljoen vir ekonomiese groei en werksgeleenthede vlagskip- en katalitiese projekte (YearBeyond 1000 Stories-biblioteekprogram).

8.3. Bygewerkte hoofrisiko's

Uitkomst	Hoofrisiko	Risikobeperking
Deelname, platforms, paaie	Onvermoë om die Departement se statutêre en ander verwante dienste te lewer weens onbeplande, aansienlike ontwrigting(s)	<p>SKP-kommunikasiestrategie vir belanghebbendes.</p> <p>As deel van die jaarlikse assessering van die transversale netwerksekeriteitsparameters, verkry die WKR gerusstelling dat die beheerstelsel wat in werking is om netwerksekeriteit te bestuur, voldoende is.</p> <p>IT-kontinuiteitsopleiding word aan Se-I en departemente voorsien, en periodieke Se-I-toetsing en toetsing van rugsteunstelsels word uitgevoer.</p> <p>Geoutomatiseerde monitoring- en waarskuwingstelsels.</p>
Deelname, platforms, paaie	Beperkte vermoë om die departement se uitkomst te behaal	<p>Korporatiewe maatskappye word uitgenooi om personeel toe te spreek oor verbeterde bestuur van persoonlike geldsake.</p> <p>Bepaling van prioriteitsposte.</p> <p>Interns word aangestel en UOWP-begunstigdes verleen bystand met die uitvoering van werksaamhede.</p> <p>Fondse word na prioriteitsdienste herlei.</p> <p>Welstandsdienste word aangemoedig en aan alle personeel en bestuurders gekommunikeer. Drie welstandsdade en maandelikse inligtingsessies wat verskeie onderwerpe dek, word aangebied.</p> <p>Implementering van die verkrygingsplan.</p> <p>Monitering en uitvoering van die verkrygingsplan.</p>
Deelname, platforms, paaie	Moontlike botsing van belange	<p>Gedragkode word jaarliks aan VKB-amptenare uitgereik.</p> <p>Finansiële openbaarmakings word jaarliks deur SCM-amptenare voltooi.</p> <p>Die Departementele Rekenpligtige Beamppte se stelsel (AOS) word aan alle amptenare versprei en deurlopend aan personeel gekommunikeer wanneer nodig.</p> <p>Opleiding- en bewusmakingsessies word intern op 'n ad hoc-basis vir personeel gedoen. PT verskaf opleiding en opvoeding aan verskaffers.</p> <p>Departementele Etiekstrategie is ontwikkel, goedgekeur en aan alle amptenare gekommunikeer.</p> <p>As deel van verskafferontwikkeling word bewusmakingsessies deur PT vir verskaffers op 'n deurlopende basis gehou.</p> <p>'n Verkrygingsjabloon aangevul en geïmplementeer om 'n verklaringklousule vir lynfunksie in te sluit.</p> <p>Die departementele Rekenpligtige Beampptestelsel (AOS) word aan alle amptenare versprei en deurlopend aan personeel gekommunikeer wanneer nodig.</p> <p>Amptenare wat geraak en betrokke is by/deur VKB-prosesse en ander finansiële aktiwiteite openbaar finansiële aktiwiteite via die e-openbaarmakingstelsel.</p> <p>Beregters moet vertroulikheidsooreenkomste onderteken</p> <p>Alle personeel in die oordragbetalingswerkvloei word vereis om 'n belangeverklaring te onderteken.</p> <p>Finansiële openbaarmakings word jaarliks deur magtigingsamptenare voltooi.</p>

Uitkomst	Hooftrisiko	Risikobeperking
		<p>Klousule oor 'geen-verdraagsaamheid teenoor bedrog, diefstal en korrupsie' is by alle oordragbetalingsooreenkomste ingesluit.</p> <p>'n Gedragskode word jaarliks deur VKB-personeel onderteken.</p> <p>Gedragskode vir bidkomitee lede word jaarliks onderteken asook 'n belangeverklaring wat vir elke vergadering onderteken word.</p>
Deelname, platforms, paaie	Onbefondsde mandaat van federasies. Die afhanklikheid van die strategiese en operasionele vermoëns van federasies vir die lewering van skolesport.	<p>Versterking van gesamentlike distriktaakspanne (JDTT) en gesamentlike provinsiale taakspanne (JPTT)</p> <p>Ondersteuning verskaf deur deurlopende betrokkenheid by skoolsportstrukture</p>
Deelname, platforms, paaie	Gebrek aan voedsel of fasiliteite wat benodig word om NSP aan te bied	Daar word ten nouste met die WKOD en PT saamgewerk om die belyning van die regering vir ondersteuning van die uitkoms te verseker.
Deelname, platforms, paaie	Verdere afswaai in die ekonomie	Die daarstelling van 'n doelgemaakte ondersteuningseenheid om in 'n toenemend mededingende mark geleenthede te ontgin via 'n vennootskap met NRO- vennote.

9. Openbare entiteite

Naam van openbare entiteit	Mandaat	Uitkomst	Huidige jaarlikse begroting (R 000)
Wes-Kaapse Kultuurkommissie	Wes-Kaapse Kultuurkommissie- en Kultuurradewet, 1998 (Wet 14 van 1998)	Om kuns en kultuur deur die registrasie en deregistrasie van kultuurrade, die bestuur van kultuurfasiliteite en advieslewering oor kultuurpraktyke te bewaar, te bevorder en te ontwikkel.	3745
Wes-Kaapse Taalkomitee	Grondwet van die Wes-Kaap, 1997 Wes-Kaapse Provinsiale Taalwet, 1998 (Wet 13 van 1998) Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995 (Wet 118 van 1998)	Om die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid te monitor, departemente en instansies van die Wes-Kaapse Regering via die Minister van Kultuursake en Sport oor taalaangeleenthede te adviseer, en om die ontwikkeling van gemarginaliseerde inheemse tale en Suid-Afrikaanse Gebaretaal te bevorder.	313
Erfenis Wes-Kaap	Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999)	Om 'n geïntegreerde stelsel vir die bestuur van erfenishulpbronne in die Wes-Kaap te vestig en in stand te hou.	500

'n Afsonderlike Jaarlikse Prestasieplan word vir elke openbare entiteit gepubliseer. Die werk van die drie openbare entiteite dra grotendeels by tot departementele uitkomst.

10. Infrastruktuurprojekte

Nr.	Projeknaam	Program	Beskrywing van projek	Uitsette	Aanvangsdatum van projek	Voltooiingsdatum van projek	Totale beraamde koste	Huidige jaar Uitgawes
Geen.								

11. Openbare-private vennootskappe

OPV	Doel	Uitsette	Huidige waarde van ooreenkoms	Einddatum van ooreenkoms
Geen.				

DEEL D: BESKRYWING VAN TEGNIESE AANWYSERS

PROGRAM 1: ADMINISTRASIE

Subprogram 1.2: Finansiële bestuursdienste

Aanwysernommer	1.2.1
Aanwyseritel	Getal planne geïmplementeer vir verbetering van oudituitkomste en vermindering van ouditbevindings soos uitgelig deur die Ouditeur-Generaal en Interne Ouditeur ter bereiking van diensuitnemendheid
Kort omskrywing	Diensuitnemendheid deur nougesette monitering van die verbeteringsplan vir finansiële bestuur (FMIP)
Doel	Afname in ouditbevindings
Hoofbegunstigdes	Departement
Databron	Ouditbevindings en OG se oudit- en bestuursverslae; interne oudit se bevindings in verslae van Interne Oudit
Databeperkings	Geen
Aannames	Om alle relevante rolspelers in te lig oor leemtes wat uit ouditaanstellings geïdentifiseer is. Om bestuurstoedig met die organisasie te verbeter.
Wyse van verifiëring (PvB)	Voorlegging van FMIP aan M&E-afdeling om bewyse te verifieer.
Berekeningsmetode	Telling van planne geïmplementeer.
Tipe berekening	Kumulatief <input type="checkbox"/> Jaareinde <input type="checkbox"/> Jaar tot op hede <input checked="" type="checkbox"/> Niekumulatief
Verslagdoeningsiklus	<input type="checkbox"/> Kwartaaliks <input type="checkbox"/> Halfjaarliks <input checked="" type="checkbox"/> Jaarliks
Verlangde prestasie	<input type="checkbox"/> Hoër as teiken <input checked="" type="checkbox"/> Volgens teiken <input type="checkbox"/> Laer as teiken
Tipe aanwyser	<p>Is dit 'n diensleweringaanwyser?</p> <input type="checkbox"/> JA <input checked="" type="checkbox"/> NEE <p>Indien ja, bevestig die prioriteitsarea(s) dat die aflewerbare(s) gemeet deur hierdie aanwyser sal verbeter (veelvuldige keuses kan ook gemaak word):</p> <input type="checkbox"/> Toegang <input type="checkbox"/> Betroubaarheid <input type="checkbox"/> Responsiwiteit <input type="checkbox"/> Integriteit <p>Is dit 'n vraaggedrewe aanwyser?</p> <input type="checkbox"/> JA <input checked="" type="checkbox"/> NEE <p>Is dit 'n gestandaardiseerde aanwyser?</p> <input type="checkbox"/> JA <input checked="" type="checkbox"/> NEE
